

Christus alléén in Psalm 110

Chrístus alléén die Verklaarder van sy Woord deur sy Woord

deur

Dr AH Bogaards

Uitgegee

deur

Enigste Troos

Elektroniese Weergawe

2018

Ek dra die boek op aan my vrou, Marianne.

Sy is die hulp wat deur God Self aan my gegee is. Dit was sy ook vir my met die skryf van hierdie boek. Dankie vir jou gebede en bemoedigings.

Inhoud

Voorwoord	7
Bedankings.....	8
Hoofstuk 1.....	9
Die Psalms: geskryf deur Christus en oor Christus vir die Kerk van alle eeue	9
Hoofstuk 2.....	10
Van nature is die mens totaal onbekwaam en onwillig om die Woord reg te verklaar en om onder die gesag daarvan te buig.....	10
2.1 Van nature onbekwaam tot Skrifuitleg	10
2.2 Tensy ons wedergebore word	10
Hoofstuk 3.....	13
In die klaskamer van Christus en sy Gees	13
3.1 Na die Skrywer Self en na sy Leerskool toe: na Christus toe	13
Lukas 24:25-27 en 44-47	13
3.2 Christus en sy Gees en Woord.....	14
Handelinge 7	15
2 Petrus 1:20-21	15
Hoofstuk 4.....	16
Psalm 110 is 'n direkte Messiaanse Psalm	16
4.1 Direk en indirek Messiaanse Psalms.....	16
4.2 Ook met Psalm 110 moet ons na die Skrywer Self en na sy Leerskool toe gaan	16
4.2.1 Wat die Here Jesus Self in Psalm 110 en nog ander Skrifgedeeltes sê.....	17
4.2.2 Wat die Here Jesus Self sê oor Dawid se seuns se sogenaamde priesterskap	18
4.2.3 Wat die Here Jesus Self in Matteus 22:41-46 oor Psalm 110 sê (vgl. ook Mark.12:35-37 en Luk.20:41-44).....	19
4.2.4 Wat die Here Jesus Self in Handelinge 2:32-36 sê	21

4.2.5 Wat die Here Jesus Self in Hebreërs oor hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek sê.....	22
4.2.6 Wat die Here Jesus Self in Hebreërs 1 sê oor Psalm 110:1 en die Godheid van Christus	23
4.3 Luister na en buig onder die gesag van die Skrif.....	24
4.4 "My Here" met 'n hoofletter is die kanonieke, gesagvolle verklaring en vertaling.....	24
4.5 Die héle boek van die Psalms verkondig Christus.....	24
4.6 Die Direkte Vertaling en die kleinletter-hoofletter-argument	25
Hoofstuk 5.....	26
Psalm 110 in sy eenheid en samehang met ander Psalms.....	26
5.1 Die Boek van die Psalms vorm 'n wonderlike samehang en eenheid	26
5.2 Psalm 110 in sy eenheid en samehang met Psalm 2	26
5.3 Psalm 110 in sy eenheid en samehang met Psalm 109	26
Hoofstuk 6.....	28
Soos die eerste lesers of hoorders dit verstaan of soos die Skrywer dit bedoel?	28
6.1 Soos die eerste lesers dit verstaan het	28
6.2 Soos die Skrywer dit bedoel	28
6.3 Een beginsel tot die enigste verhef	28
6.4 Die gevaar van die loslating van die Skrif-met-Skrif- verklaringsbeginsel.....	29
6.5 Ps. 110:1 en met name die woorde <i>my Here</i> as 'n goeie voorbeeld	29
6.6 Die eerste-hoorder-verklaring neem boonop nie die direkte tekstuele konteks in ag nie ...	30
6.7 Die eerste-hoorder-verklaring neem ook nie met die eerste-hoorder-beginsel in aanmerking dat die Gees van Christus bedoel het om meer as net die eerste hoorders verstaanbaar aan te spreek nie.	30
6.8 Ons het in die Skrif die geïnspireerde antwoord hoe die latere hoorders – die <i>ons</i> van 1 Petrus 1:12 – Psalm 110 verstaan het en hoe ons dit vandag moet verstaan	31

Hoofstuk 7.....	32
Verklaring van Psalm 110.....	32
7.1 Die Skrywer Self moet dit verklaar	32
7.2 Psalm 110: 'n kort samevatting van die hele Evangelie	32
7.3 Vers vir vers, woord vir woord	33
I. Die Koning en sy hemelvaart om te regeer (vv. 1-2)	33
II. Die Koning en priestervolk – Pinkster (v 3)	38
III. Die Koning en sy Hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek – Pase (v 4).....	45
IV. Die Koning en sy wederkoms om te oordeel (vv. 5-7).....	48
Bylaag A	52
Die sogenaamde Direkte Vertaling.....	52
1. 'n Nuwe Afrikaanse vertaling.....	52
2. Die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament weg vertaal gaan word.....	52
Kleinletters.....	52
Beroep op die Nederlandse Statenvertaling.....	53
Die 1637-uitgawe van die Statenvertaling en Psalm 110:1	53
Die ontstaan van 'n gewoonte.....	54
3. Beoordeling van die vertalers se beroep op die Statenvertaling.....	55
4. Die Nuwe Testament se “verstaan” van die Ou Testament?	55
5. Twee uitgawes van die Direkte Vertaling: die eer van God en die heil van ons naaste	57
Bylaag B.....	58
Die Direkte Vertaling se vertaling van Maleagi 3:1	58
1. Inleidend	58
2. Maleagi 3:1	58

2.1 'n Doelbewuste keuse	58
2.2 Vergelyking van die 1953- en Direkte Vertaling.....	59
2.3 Beoordeling van die Direkte Vertaling van Maleagi 3:1	59
2.4 Maleagi en die Statenvertaling van 1637	61
3. Gevolgtrekking	62
Bylaag C.....	63
'n Paar meer wetenskaplike opmerkings by die verklaring van Psalm 110	63
1. Gebruike van Adon/Adoni/Adonay vir God of Christus in verskillende tekste	63
1.1 God of Christus aangespreek as Adon (enkl., sonder suffiks).....	63
1.2 Die Engel van die HERE aangespreek as Adoni (my Heer).....	63
2. Die Masorete en Adoni/Adonay	63
3. Die Septuagint en ho kurios mou.....	64
4. Die Nuwe Testament en ho kurios mou.....	65
5. Gesenius oor Adonai	66
Bylaag D	67
Die ongelowige Jode en Psalm 110:1	67
1. Die Jode in die NT (Psalm 110:1 en Mt 22:41-46).....	67
2. Joodse geskrifte na Christus.....	67
Bylaag E.....	68
Johannes die Doper se lang wysvinger: die Ou Testament.....	68
Enkele geraadpleegde bronne	72

Voorwoord

Ek het myself dikwels afgevra: hoekom is ek al so lank met hierdie Psalm besig? Hoekom bly hierdie Psalm my so vashou? Die antwoord is: omdat Christus my met hierdie Psalm vashou. Hy het my oorweldig, Hy het vir my te sterk geword. Ek is in die greep van Psalm 110, in die greep van Christus.

Dit is soos wat Jeremia (20:7,9) sê: “HERE, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin; ... En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos ‘n brandende vuur, opgesluit in my gebeente.”

In die verklaring van Psalm 110 gaan dit vir my oor liefde vir ons Here Jesus Christus en sy Woord. Dit is my innige bede: laat u Naam geheilig word in ‘n suiwer uitleg van u Woord; laat u Naam geheilig word in die buig onder die gesag van u Woord, in die gehoorsaam luister na Ú uitleg, na die Verklaring wat U Self in en deur u Woord gee.

Om regtig reg te kan doen aan hierdie Psalm en aan elke Skrifgedeelte, moet ‘n mens gaan sit aan die voete van Jesus in sy Klaskamer van die Woord. Alles wat nodig is om sy Woord te kan verklaar – dit is te vinde in hierdie Biblioteek, in die 66 Boeke van ons hoogste Profeet en Leraar. Dit is uiteindelik die enigste biblioteek, wat in Skrifuitleg gebruik mag word. Kommentare en ander boeke moet net die Woord aan die woord bring.

Hierdie studie wil meer as net ‘n verklaring van Psalm 110 wees: ek wil gelowiges ook help in die groot beginsel van Skrifuitleg: die Bybel is sy eie Verklaarder. Dit beteken ons moet Skrif met Skrif gaan vergelyk. Of om dit nog anders te sê: ek wil u leer hoe ons na Christus alleen luister in ons verklaring van die Bybel.

In die loop van die ondersoek het ek diep onder die indruk gekom van die heerlike rykdom wat in Psalm 110 tot ons kom. Strome van troos kom ons daarin tegemoet. Aan die anderkant is dit ook ‘n baie ernstige Psalm, want ons hoor van Christus se wederkoms om te oordeel.

Ek laat sien dat hierdie Psalm nêr oor Christus gaan en nie oor ‘n aardse koning soos byvoorbeeld Salomo nie. Daarom is die titel: **Christus alléén in Psalm 110.**

Ek toon aan dat dit die leer van die Bybel is. Daarvan word ons oortuig as ons Skrif met Skrif vergelyk. Dit is wat Christus Self ons leer deur sy Woord. Hy is die Verklaarder van sy eie Woord. Daarom is die sub-titel: **Christus alléén die Verklaarder van sy Woord deur sy Woord.**

Ek het op 'n stadium 'n artikel geskryf met die titel: **Maar Jesus sê my Here**. Teen alle ander verklarings en vertalings van Psalm 110:2 (die HERE het tot **my Here** gesê), sê Christus in die Psalm self, in die Ou Testament en in die Nuwe Testament dat hierdie Psalm nié oor ander here - Salomo of watter koning of heer ook al -, gaan nie, maar oor die **Here** Jesus Christus alleen. Dit sê Hy en nie 'n mens nie. Dit gaan oor buig onder die gesag van sy Woord.

Ten slotte wil ek dit met groot blydschap noem dat daar meer geleerdes is, wat my standpunt oor Psalm 110 deel. Daar sal naamlik ook binnekort die skitterende studie van dr VE d'Assonville verskyn. Dit handel oor Calvin se uitleg van Psalm 110:1.¹ Ek wil dit baie sterk aanbeveel.

Bedankings

Ek wil almal bedank, wat op een of ander manier daartoe bygedra het om hierdie boek moontlik te maak. Die ondersteuning is werklik oorweldigend. Daarin sien ek die hand van die Here.

Bo alles moet ek God dank. Sonder Hom kan ek heeltemal niks doen nie. Dawid het in die Gees van Christus getuig in Psalm 110:1. Op geen ander manier kan ons vandag Psalm 110 uitleg as net in die Gees van Christus nie. Aan Christus en sy Gees het ek alles te danke. Daarom: aan God alleen die eer!

¹ Dr. VE d'Assonville is verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat. Die volledige titel van die artikel is: *"The perpetuity of Christ's reign ...". Calvin's interpretation of Psalm 110:1.*

Hoofstuk 1

Die Psalms: geskryf deur Christus en oor Christus vir die Kerk van alle eeue

Die Psalms is **die Liedboek geskryf deur Christus en oor Christus en dit is bedoel vir die Kerk van alle eeue.**

Met hierdie formulering wil ek drie dinge benadruk:

1. **Christus is die Skrywer** van die Psalms. Dit is ook wat ons bely in ons Heidelbergse Kategismus (HK 12:31): Hy is ons hoogste Profeet en Leraar, wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het. Dit geld ook van Psalm 110. Hy is die Woord van God wat in die Woord en in die Woord van Psalm 110 aan die Woord is.
Daarom sê die groot kerkvader Augustinus: Jesus self is die Sanger in die Psalms. In die boek van die Psalms het ons die volmaakte, deur Christus self gegewe Liedboek.
2. Tweedens wil ek met die formulering sê: **Christus is ook die inhoud** van die Psalms. Dit gaan oor Hom. Hy is die inhoud, die agtergrond en die geheim van elke Psalm.
3. Die woorde **vir die Kerk van alle eeue** het eweneens 'n besondere bedoeling. Al was ons nog nie daar toe die Psalms geskryf is nie, het die groot Skrywer van die Psalms nie alleen die Ou Testamentiese Kerk op die oog gehad toe hulle dit geskryf het nie, maar ook ons as Nuwe Testamentiese gelowiges. Dit is wat Petrus (1Pet 1:10-12) bedoel, wanneer hy skryf: Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar **vir ons dié dinge bedien het** wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is.
Christus is dus in die Psalms die Voorsanger nie alleen van die Ou Testamentiese kerk nie, maar ook van sy volk van die Nuwe Verbond.

Hierdie formulering is 'n geloofsoortuiging, gegrond op Skrif en belydenis.

Hoofstuk 2

Van nature is die mens totaal onbekwaam en onwillig om die Woord reg te verklaar en om onder die gesag daarvan te buig

2.1 Van nature onbekwaam tot Skrifuitleg

By die verklaring van die Woord van Psalm 110 moet dit beklemtoon word: Skrifverklaring is nie mensewerk nie. Dit geld óók van die Skrifwoorde van hierdie Psalm.

In ons Kategismus (HK 3:8) bely ons immers: ons is só verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en dat ons tot alle kwaad geneig is. Hierdie waarheid van ons belydenis is eweneens van toepassing wanneer dit by Skrifverklaring - en dus ook Psalmuitleg – kom: van nature is die mens nie bekwaam tot die goeie van suiwer Skrifuitleg en getroue Psalmverklaring nie. Hierdie onvermoë hang ook saam met ons onwil en totale onvermoë om te luister na die verklaring wat die Woord self vir ons gee. Van nature wil ons ons nie buig onder die Skrifuitleg van ons hoogste Profeet en Leraar nie.

Die teoloog Hermann Friedrich Kohlbrugge se teologie kan so saamgevat word: **Die mens is 'n nul, Christus is alles**. Hierdie woorde druk die mens se totale onvermoë uit om homself te kan red. Nét Christus kan dit doen en Hy doen dit hééltemal.

Die mens 'n nul, Christus alles - dit moet ons eweneens toepas om die mens se totale en absolute onvermoë om die Psalms suiwer te kan verklaar. Net Een kan ons help: Christus. Daarom moet die hulpelose mens na Christus toe gaan.

2.2 Tensy ons wedergebore word

Die Bybel sal vir ons 'n geslote boek bly as dit van onself afhang. Dit is duidelik.

Wat is dan die oplossing? Hier wys die Heidelbergse Kategismus (HK 3:8) die Weg (doelbewus met 'n hoofletter): ons is onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad **tensy ons deur die Gees van God wedergebore (opnuutgebore) word**.

Ons moet hierdie wedergeboorte nie verkeerd verstaan nie. Dit is **nié** 'n wedergeboorte los van die Woord en los van Christus nie. Die Heilige Gees is die Gees van die Woord. Hy is die Gees van Christus, die Woord van God. In Johannes 14 vers 26 sê Jesus presies wat die Gees sal doen: ... **Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het**. En in Johannes

15:26 noem Jesus die Gees **die Gees van die waarheid wat van Hom sal getuig** en Christus is die waarheid (Joh.14:6).

Onder ander in die eerste brief van Petrus hoofstuk 1 leer die Skrif ons **hóé** ons wedergebore word: God die Vader skenk ons die wedergeboorte deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode (v 3). In vers 23 word die Woord die saad van die wedergeboorte genoem, want in die Woord kom die leweskeppende verlossing deur die opstanding van Jesus Christus tot ons.

In die Bybel word daar **twee belangrike benamings** vir die mens gebruik: **ou mens** en **nuwe mens**. Dit is besonder belangrik om te verstaan wat daarmee bedoel word:

- Die **ou mens** is ons soos wat ons deur die sondeval geword het. Die ou mens is die rebel in ons, wat doof en blind geword het vir die Woord. Dit is die mens wat dood is in die misdade en die sonde.
- Die **nuwe mens** is die mens in ons, wat deur die verlossingswerk van Christus, deur die krag van sy kruis en opstanding, die Woord verstaan en glo.

Wedergeboorte is die **afsterwe van die ou mens** en die **opstanding van die nuwe mens** en beide het met ons Here Jesus Christus en sy verlossing te make:

- In Romeine 6:6 hoor ons in verband met ons **ou mens**: ons ou mens is saam met Christus **gekruisig** is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
- Deur die opstanding van Christus is ons **nuwe mense**, want ons is saam met Hom opgewek en soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit (Kol 3:1). God die Vader skenk ons die wedergeboorte deur die **opstanding** van Jesus Christus uit die dode (1 Pt 1:3).

Dit is **hiérdie** waarheid en dit is **hiérdie** die lering van Christus, waaraan die Heilige Gees ons herinner.

Die Gees bring die Woord. Die Gees is die Gees **van die Woord**. Dit is Gees **én Woord**. Die Woord is die saad van die wedergeboorte (1 Pt 1:23).

God het nie alleen geskep deur die Woord, deur Christus nie, maar Hy herskep (verlos) ons ook nét deur die Woord.

Deur die Woord kry ons weer ore wat luister na die Woord en deur die verlossingswerk van Christus kry ons 'n hart wat buig onder die Woord van ons Heiland. Die opstanding van Christus maak ons nuwe mense – nuwe mense, wat weer na die Woord luister en dit kan verstaan. Deur die krag van die Woord word ons wat ons nie is nie: getroue Skrifverklaarders.

Dié Woord is die Woord van Ou én Nuwe Testament. Deur hierdie Woord leer en lei Christus ons deur sy Heilige Gees.

Hoofstuk 3

In die klaskamer van Christus en sy Gees

3.1 Na die Skrywer Self en na sy Leerskool toe: na Christus toe

Wie 'n boek wil verstaan, moet na die skrywer self toe gaan. Hy sal immers die beste weet wat hy in sy geskrif bedoel.

Dit geld ook van die Bybel. Wie die Psalms wil begryp, wie wil weet watter plek die Psalms inneem óók in die Kerk van die Nuwe Testament, moet na die Nuwe Testament toe gaan. Daar laat ons hoogste Profeet en Leraar self, Jesus Christus onse Here, Hy wat die Skrywer van die Psalmboek is, ons die Psalms sien in hulle diepste betekenis en waarde.

'n Mens moet in die skool van die beste Leermeester, Jesus Christus, en sy apostels les ontvang in Skrifuitleg, sê Kohlbrugge. Hulle het die sleutel tot die verstaan van die Ou Testament gegee. Met hierdie sleutel kan ons die deur tot die geheimenisse van die Skrifte van die Ou Verbond open. In die klaskamer van die Nuwe Testament leer ons die Ou Testament ken as die gesagvolle Woord van God, wat Christus aan ons verkondig.

Lukas 24:25-27 en 44-47

Menslike onvermoë en onwil om die Skrif te verstaan en te glo - dit sien ons in die geskiedenis van ons Here Jesus se verskyning na sy opstanding aan die Emmausgangers en die dissipels. Ons sien egter ook Wie die Skrifte vir ons oopmaak, naamlik Christus.

In verse 25 tot 27 sê Jesus vir die Emmausgangers: "o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het." In vers 44-47 sê Jesus verder: "Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder."

Drie punte moet by vers 25 tot 27 en 44 tot 47 aangestip word:

Eerstens is dit uit die geskiedenis van die Emmausgangers duidelik: **Hulle was blind vir iets in die Ou Testament.** In lyn met die Joodse opvatting van daardie tyd wou hulle niks weet van 'n lydende Messias nie. Hulle wou dit nie in die Skrifte (die Ou Testament) sien dat die Christus eers moes ly en daarna in sy heerlikheid ingaan nie (Luk 24:26). Hulle het net oog gehad vir die een lyn in die Skrifte van die Ou Verbond: die lyn van verheerliking van die Christus. Hulle wou nie álles glo wat die profete geopenbaar het nie. By daardie álles is ook ingesluit die lyn van lyding. Dit is ook nie vreemd dat hulle dit nie wou glo nie: So 'n evangelie van 'n Christus wat moes ly vir ons sondes – dit is nie na die mens nie (Gal 1:11).

Tweedens dui Christus **die oorsaak van hulle blindheid** aan: hulle *onverstandigheid* (v 26), hulle verstand wat gesluit was vir die volle boodskap van die Skrifte (Luk 24:45). Hierdie onverstandigheid of dwaasheid het niks met gewone domheid te make nie, maar slaan in die Bybel altyd op 'n sondige weiering om in te sien en te glo wat so duidelik in die Skrifte staan. Ondanks die duidelikheid van die Ou Testament en die feit dat Jesus self hulle verskeie kere daarop gewys het hoe die Ou Testament van Hom profeteer (sien o.a. Luk 22:37), het hulle steeds nie geglo nie. Daarom beskryf Jesus hulle geestesgesteldheid as *'n traagheid van hart om te glo alles wat die profete gespreek het* (Luk 24:25) – ongeloof.

Derdens sien ons **Wíé die blindheid wegneem**: Christus doen dit. Hy neem dit weg deur vir hulle uit te lê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het (Luk 24:27) en deur hulle verstand te open om die Skrifte te verstaan (Luk 24:45). Hy open die Skrifte en Hy open hulle verstand en dán verstaan hulle.

Hierdie dinge moet ons ook onthou as ons ons besig hou met die Bybel. Net biddend, met die hulp van ons hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus, en sy Heilige Gees kan ons verstaan én glo wat daar geskrywe staan.

3.2 Christus en sy Gees en Woord

Die volgende Skrifgedeeltes is genoeg om ons te laat sien hoe ons die Psalms moet benader: op ons knieë. Slegs wanneer die Heilige Gees ons vervul en lei met die Woord van Christus kom ons tot verstaan en glo van Skrifte.

Handelinge 7

Die geskiedenis van Handelinge 7 laat ons sien dat ons sonder Christus en sy Gees niks glo en niks begryp van die evangelie nie.

Waarom het die Jode nie geglo dat Jesus die Messias van die Skrifte van die Ou Testament is nie? Stefanus lê sy vinger op die wond, wanneer hy in sy preek in Handelinge 7 vir die Jode sê: “Julle hardnekkiges, julle weerstaan altyd die Heilige Gees” (v 51). En dan gaan Lukas verder: Stefanus "het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En Stefanus het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan" (vv 55-56). Ons kan maar sê: Stefanus kyk in die hemel in en – hy sien die Ou Testamentiese Psalm 110 (Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand). Met sy oë aanskou hy die vervulling van daardie Messiaanse Psalm: Jesus aan die regterhand van God. Hoë sien hy dit? Lukas onthul die geheim wanneer hy sê: Stefanus was vol van die Heilige Gees en het gesien.

Ons is onbekwaam tot enige goed – ook tot uitleg (sien) van die Ou Testament - tensy ons deur die Heilige Gees weergebore word (HK 3:8). Hier in Handeling 7 sien ons hierdie waarheid.

2 Petrus 1:20-21

In 2 Petrus 1:20 getuig die Heilige Gees deur die apostel Petrus: Geen enkele profesie van die Skrif kan deur die menslike verstand uitgelê word nie. In vers 21 gee Hy die rede: “Want geen profesie is ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.”

Om dit so te sê: wat in gemeenskap met die Heilige Gees gespreek is, kan ook net in gemeenskap met dieselfde Heilige Gees opgelos en verstaan word.

Hoofstuk 4

Psalm 110 is 'n direkte Messiaanse Psalm

4.1 Direk en indirek Messiaanse Psalms

In die teologie word daar onderskei tussen verskillende soort Psalms: lofpsalms, wraakpsalms, klaagliedere, ensomeer.

Dan is daar ook teoloë wat sekere Psalms as Messiaans (oor Christus) beskryf. Hierdie Psalms word weer verdeel in direk en indirek Messiaanse Psalms:

- Met **indirek Messiaans** word bedoel dat die Psalm eerstens na Dawid of een van die ander konings verwys en dat hulle in hulle doen en late en in wat met hulle gebeur, iets van Christus afbeeld. Hulle was tipes van Christus.
- Die **direk Messiaanse** Psalms is daardie Psalms wat uitsluitlik oor Christus gaan.

Volgens ander geleerdes is daar géén direk Messiaanse Psalm nie. Hulle beweer dat al hierdie Messiaanse Psalms of glad nie Messiaans is nie of dat dit net indirek Messiaans is.

So word Psalm 110 deur laasgenoemde geleerde geklassifiseer as 'n indirek Messiaanse Psalms. Vir hierdie geleerdes gaan dit in Psalm 110 oor iemand uit die koningshuis van Dawid, byvoorbeeld Salomo. Ander gaan so ver om te sê dat Psalm 110 glad nie oor Christus gegaan het nie, maar dat die skrywers van die Nuwe Testament dit eeue later op Christus betrek het.

Daarom word die woorde “my Here” van Psalm 110:1 deur hierdie teoloë met 'n kleinletter, “my heer”, vertaal.

4.2 Ook met Psalm 110 moet ons na die Skrywer Self en na sy Leerskool toe gaan

In punt 2 en 3 het ek aangetoon:

1. Ons is van nature onbekwaam is om die Skrif uit te lê, tensy ons wedergebore word.
2. Skrifuitleg is 'n saak van Christus en sy Gees en Woord.
3. Daarom moet ons na ons Leermeester, Christus toe gaan. Skrif-met-Skrif-verklaring (dit sluit Ou en Nuwe Testament in) is van deurslaggewende belang. Hy alleen kan ons deur sy Gees en Woord in die waarheid lei.

Dit geld ook van Psalm 110:

Ook met Psalm 110 moet ons na die Skrywer Self en na sy Leerskool toe gaan.

Dit wil ek in die volgende punte doen. Die Woord moet aan die Woord kom.”

In sekere punte moet en ter wille van verklaring en duidelikheid vooruitgryp na volgende punte. Dit kan ongelukkig nie anders nie.

4.2.1 Wat die Here Jesus Self in Psalm 110 en nog ander Skrifgedeeltes sê

In sy kommentaar op Psalm 110 skryf Calvyn: ons vind die sekerheid dat hierdie Psalm op Christus alleen slaan eerstens in die woorde van Jesus self (Mt.22:41-46).

Dan maak Calvyn hierdie belangrike opmerking: **ook die Psalm self roep dit luid uit dat daar geen ander verklaring moontlik is nie.**

Daarmee bedoel Calvyn: ook as 'n mens net die Psalm alleen goed lees, kan jy by geen ander verklaring uitkom as dat met **my Here** Christus bedoel word en dat Psalm 110 net op Hom slaan.²

Dit het alles met goeie taalkunde te make: om 'n woord binne sy verband te verklaar. Dit geld ook van die **my Here** van vers 1. Die res van die Psalm, die konteks, moet lig werp op hierdie woorde. Die Skrif moet die Skrif verklaar en dan sien ons: In Psalm 110 sê Jesus Christus deur sy Gees bepaalde dinge van **my Here**, wat dit onmoontlik maak om **my Here** op 'n mens te laat slaan.

- **Eerstens** word in die Psalm deur die HERE tot **my Here** gesê: **Sit aan my regterhand** (v.1).

Om aan die regterhand van God te sit – dit word nóóit in die Ou Testament van enige aardse koning gesê nie.

Ook die Nuwe Testament bevestig dat hierdie woorde nie op 'n aardse koning slaan nie, want op Pinksterdag verklaar Petrus: **Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand** (Hand.2:34). Op talle ander plekke in die Nuwe Testament word Jesus Christus se **Godheid** bewys juis op grond van hierdie woorde van Ps 110:1, byvoorbeeld in Hebreërs 1:3,13.

Die woorde **sit aan my regterhand** pas dus nie op 'n mens nie en dit leer ons om die my Here so te verstaan dat dit wys op Jesus Christus alleen.

² Ook hier wil ek herinner aan die artikel van dr VE d'Assonville oor Calvyn se interpretasie van Psalm 110:1, omdat dit so 'n deeglike en diepgaande artikel is. (sien voetnoot 1)

- **Tweedens** word in die Psalm deur die HERE met eedswering van *my Here* gesê: ***U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek*** (v.4).

Ook dit word nooit van enige aardse koning uit die huis van Dawid gesê nie. Die Dawidiese konings was nie priester én koning nie en nog minder priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek. Die voorbeeld van koning Ussia (2 Kron.26:16-21) sê eintlik al genoeg: Ussia is met die oordeel van die HERE getref, omdat hy priester wou speel.

4.2.2 Wat die Here Jesus Self sê oor Dawid se seuns se sogenaamde priesterskap

Voorstaanders van die indirekte verklaring gryp na die strooihalm dat Dawid se seuns ook priesters was. So beweer hulle.

Hulle wys op 2 Samuel 8:18, waar ons lees ons: En Benája, die seun van Jójada, was oor die Kreti en die Pleti, en ***die seuns van Dawid was priesters***.

Om die betekenis van hierdie teks en spesifiek die woord "priesters" goed te begryp, sal ons na die Skrif moet gaan luister. Skrif-met-Skrif-vergelyking gee die antwoord. Skrif-met-Skrif-vergelyking beteken doodeenvoudig: luister na wat Christus ook in ander Skrifgedeeltes in Ou en Nuwe Testament. Anders gesê: die Heilige Skrif is sy eie Verklaarder. Nog anders gesê: Christus Self lê sy eie Woorde uit.

Twee Skrifgedeeltes is van belang:

1. In 1 Kronieke 18:17 lees ons: En Benája, die seun van Jójada, was oor die Kreti en die Pleti, ***en die oudste seuns van Dawid was in diens van die koning***. Uit hierdie parallelle teks word dit vir ons duidelik wat 2 Samuel 8 met priesters bedoel: Die seuns van Dawid was nie priesters in die sin van Levitiese priesters wat offers gebring het nie, maar hulle hulle was priesters in dié sin dat hulle die koning in sy paleis gedien het (letterlik: ***eerstes/hoofde/vernaamstes m.b.t. die hand van die koning***).
2. In die lig van die Nuwe Testament is dit nog duideliker dat die seuns van Dawid nie priesters kon gewees het nie, want hulle was uit die geslagslyn van Juda en uit hierdie stam sê Hebreërs 7:13 dat niemand die altaar bedien het nie ook nie die seuns van Dawid, wat uit die stam van Juda was nie.

Dit is verder interessant dat die Siriese vertaling van Psalm 110 (die Peshitta) en die Septuagint (die Griekse vertaling van die Psalm) die woord ***priesters*** in 2 Samuel 8:18 vertaal met ***prinse***.

Verder vertaal die Jode die woord in hulle Targum (die Aramese parafrase van die Hebreeuse Ou Testament) met **hoofde**.

Hiermee is ook die sogenaamde Salomo-hipotese – die bewering dat Psalm 110 eerstens oor hom gaan – weerlê.

4.2.3 Wat die Here Jesus Self in Matteus 22:41-46 oor Psalm 110 sê (vgl. ook Mark.12:35-37 en Luk.20:41-44)

Dit ly geen twyfel nie: volgens **Jesus self** gaan dit in Psalm 110 oor Homself. Jesus self lê Psalm 110 in Matteus 22:41-46 Messiaans uit.

Hierby moet nadruk daarop gelê word dat Jesus nie die Psalm toe eers op Hom toegepas het nie. Inteendeel, Dawid reeds noem Hom in die Gees Here. Jesus sê self dat nie maar net 'n mens, Dawid, in Psalm 110 aan die woord is nie, maar **die Heilige Gees**. Geïnspireer deur die Heilige Gees - "in die Gees" - spreek Dawid nie van 'n koning nie, maar van dié Koning wat ook sy Here (adonai) is.

Hier is geen sprake daarvan dat sekere gedagtes in die Nuwe Testament teruggelees word in die Ou Testament (Ps.110) of dat daar 'n Messiaanse uitleg bygeplak of aangeplak word nie, maar Jesus sê self wat die Heilige Gees self - die Skrywer van Ps.110 – dáár, in Ps.110 alreeds, bedoel het en van wie Hy - en geen mens nie - gespreek het toe Hy hierdie Psalm geskryf het en wat 'n gelowige daarom - op gesag van Christus en sy Gees - vandag dáár mag lees.

Elke verklaarder wat beweer dat die Messiaanse verklaring van die Psalm 110 'n latere interpretasie van die eerste Christene of van Christus is, 'n latere aanhegting, **gaan in teen wat Jesus self en sy Heilige Gees getuig**.

In sy kommentaar (1897:256-7) op vers 43 sê **Calvyn**: Christus sê reeds in hierdie vers dat hierdie Psalm nie met die oog op die persoon van Dawid opgestel is nie. Inteendeel, dit is deur die Gees van die profesie ingegee as 'n beskrywing van die toekomstige ryk van Christus, want ook uit die verband van die Psalm kan maklik bewys word, dat dit wat daar gesê word, ewemin op Dawid as op enige ander aardse koning van toepassing is. Immers, Dawid voer in hierdie Psalm 'n Koning in, bekleed met 'n nuwe priesterskap, wat die **afskaffing** van al die ou skadu's van die Wet noodsaaklik maak.

Calvyn kom hier, soos in sy kommentaar op Psalm 110, weereens by die punt dat die nuwe priesterskap die **afskaffing** van die priesterskap volgens die orde van Aäron meebring en dat

Dawid of Salomo daarom nie bedoel kan wees in Ps.110 nie. Immers, die priesterskap volgens die orde van Aäron het bly voortbestaan tot en met die Nuwe Testament. Dit is nie opgehef met Salomo nie. Dit is eers met die koms en werk van Christus, die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, afgeskaf. Hierdie gedagte sal ook weer aandag kry in die volgende punt.

Maar dit is noodsaaklik om ook dieper op die woorde **my Here** in te gaan:

In sy konfrontasie met die Jode in Matteus 22:42-44 gaan dit vir Jesus om die vraag: Wie is die Messias? (22:42). Hy het sy menslike kant: Hy kom uit die geslag van Dawid en is daarom ook **die seun van Dawid** (22:42). Maar dan kom Jesus met die Skrif, met 'n aanhaling uit Ps.110, na sy teenstanders met 'n unieke retoriese vraag wat sy teëstanders (bekwame kenners van die Ou Testament) so goed verstaan het dat Hy hulle daarmee vergoed die mond gesnoer het (vs. 46): **Hoe kan Dawid dan in die Gees sy eie Seun sy Here noem?** (22:43,44) Floor (1981:67-68) skryf in sy kommentaar op hierdie woorde: "Die Messias het dus ook **sy Goddelike kant!** Hy is ook Here." En dan vervolg Floor: "**Dawid het dit** in die geloof, deur die werking van die Heilige Gees, **reeds gesien en bely en besing.**" Hendriksen (1976:812) skryf ook: Die HERE belowe in Psalm 110 aan die Middelaar sodanige uitnemendheid, mag, gesag en majesteit dat dit net van toepassing kan wees op Hom wat ten opsigte van sy persoon van alle ewigheid af God is en bly (Ef.1:20-23; Fil.2:5-11; Heb.2:9; Op.5:1-10 en 12:5). Jesus sien in die woorde "my Here" meer as dat daarmee slegs gesê sou word dat die komende Messias Seun van Dawid (d.w.s. koning) sou wees. Hy sou **óók Seun van God** en **daarom Dawid se Here** wees.

En wat meer is, ook die Jode het Jesus se uitleg van **my Here** so verstaan dat Hy daarmee gesê het dat Hy die Seun van God is. Die Jode het Jesus se woorde so begryp, want wanneer Jesus voor die Joodse Raad verskyn, kom Kajafas daarop terug deur vir Jesus te vra: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?" (Mt.26:63). Met 'n eed moet Jesus sy eksegeese (uitleg) van die "my Here" van Ps.110 bevestig. En - Hy doen dit: "U het dit gesê" (Mt.26:63).

Wat Jesus dan verder sê, is eweneens van die grootste belang: "Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel" (Mt.26:64). Weer haal Jesus Ps.110:1 aan en dan sê Hy met die woorde van vers 64: Wanneer Hy Ps.110 vervul deur aan die regterhand van God te gaan sit, sal dit metterdaad

(met die daad) bewys word: Hy, die Seun van die mens, is ook die Seun van God, die "my Here" van Ps.110. Dan sal **gesien** word dat sy uitleg van Ps.110 juis is.

Samevattend:

- Jesus **verklaar** Ps.110 (Mt.22:42-44),
- Hy **beëdig** sy verklaring van Ps.110 (Mt.26:63-64a) en
- Hy **bewys** die korrektheid van sy verklaring van Ps.110 daadwerklik (Mt.26:64b).

Ons het hier dus 'n verklaring, 'n beëdigde verklaring en 'n bewese verklaring **van Jesus self, die Spreker en Skrywer van Ps.110, met betrekking tot die woorde "my Here"**.

In die lig van al hierdie woorde van Jesus, **sy** verklaring van Ps.110:1, moet die vraag gevra word: Hoe kan die Direkte Vertaling **my Here** in Ps.110:1 omdig met die woorde "my heer"? Hoe kan Sinode 2003 hierdie Psalm indirek Messiaans verklaar?

4.2.4 Wat die Here Jesus Self in Handeling 2:32-36 sê

In hierdie gedeelte is die verhoogde Christus – aan die regterhand van God! – aan die Woord deur sy apostel, sy gevolmagtigde gesant, Petrus.

Petrus sê baie duidelik en onder inspirasie van die Heilige Gees: Die woorde "sit aan my regterhand" van Ps.110:1 kan nie van toepassing wees op Dawid nie, **want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gesprek tot my Here: Sit aan my regterhand** (v.34). Dit sien nie op Dawid nie, maar op Jesus, wat deur God Here en Christus gemaak is, deurdat hy deur die regterhand van God verhoog is. Met die **want nie (ou gar)** ontken die Heilige Gees by monde van Petrus dat die woorde op Dawid van toepassing is en lui hy ook die rede in waarom dit nie kan nie. Die teendeel (**maar – de**) is waar: hy **self (autos) (eerste begryper)**, Dawid self, sê iets anders. Met die **self** word benadruk: óók Dawid self, Dawid in eie persoon, sê in die Woorde van Ps.110:1 dat nie hy aan die regterhand van God gaan sit het nie, dat dit nie op hom van toepassing is nie, maar dat dit van toepassing is op "my Here", die Messias.

Calvyn se verklaring van vers 34 sê alles: Petrus bewys met hierdie getuienis van Dawid (**Sit aan my regterhand**), dat dit reeds lank tevore so deur God bepaal is, dat Hy die Christus tot die hoogste eer sou verhef. Want hierdie wyse van spreke (**Sit aan my regterhand**) wil sê: om die heerskappy

oor alle dinge te hê. Dawid sê dat dit deur God besluit is dat Hy as Koning aan sy regterhand sou sit en *dít* kan nie van Dawid gesê word nie, aangesien Dawid nooit tot so 'n eer verhoog is nie. Dawid sê dit dus van die Messias. Petrus wil met hierdie woorde (**want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie**) dus sê dat die profesie van die sit aan die regterhand van God nie in Dawid vervul is nie en daarom moet 'n mens die waarmaking daarvan êrens elders gaan soek. Hierdie vervulling en waarmaking kan **nêrens anders as** in Christus gesoek word nie.

4.2.5 Wat die Here Jesus Self in Hebreërs oor hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek sê

Volgens die verkondiging van die Hebreër-brief kon Salomo onmoontlik nie priester volgens die orde van Melgisedek wees nie.

Immers, Hebreërs 7:18 leer: Die priesterskap volgens die orde van Melgisedek bring die **afskaffing**, die opheffing van die priesterskap volgens die orde van Aäron mee. Dit het egter nie gebeur in die tyd van Salomo nie, maar eers met die voltooiing van die werk van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, is die Ou Testamentiese priesterdiens afgeskaf.

Waarom bring die priesterskap volgens die orde van Melgisedek die afskaffing van die priesterskap volgens die orde van Aäron mee? Hebreërs laat ons dit sien: Die Aäronitiese priesterskap was swak en nutteloos, want hulle het **slegs diere-offers** gebring, wat onmoontlik nie die sonde kan wegneem nie (Heb.10:4). Die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek daarenteen offer **sy eie bloed** en nie dierebloed nie en bring daarmee 'n ewige verlossing teweeg (Heb.9:12). Daarin lê die besondere van hierdie Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek. Dit onderskei Hom van die priesters volgens die orde van Aäron.

En juis om hierdie rede kon **Salomo** nie priester volgens die orde van Melgisedek wees nie. Immers, hy het maar net soos die Aäronitiese priesters **gewone diere-offers** gebring. Ja, as Salomo waarlik priester volgens die orde van Melgisedek was, was hy in sy priesterskap werklik nie die meerdere van die Aäronitiese priesters nie, want hy het nie meer as hulle gebring nie (Heb.7:7). Intendeel, Salomo was nog eerder hulle mindere, want Salomo kon nie eens verder as die voorhof van die tempel gaan nie, terwyl die Aäronitiese priesters tot in die heilige (die priesters) en die allerheiligste (die hoëpriester) ingegaan het.

Hier kom nog iets by: Die brief aan die Hebreërs teken die Priester volgens die orde van Melgisedek as **Hoëpriester**. Uitdruklik word Hy **Hoëpriester** volgens die orde van Melgisedek genoem (Heb.5:10; 6:20). As Hoëpriester het Hy, anders as die Aäronitiese hoëpriester, sy bloed in die hemelse heiligdom gebring (Heb.9:11, 24). Hoe kon Salomo Hom ooit afgebeeld het en tipe van Hom gewees het. Immers, Salomo was nie hoëpriester nie. In teenstelling met die Aäronitiese hoëpriester kon Salomo nie die allerheiligste ingaan met versoeningsbloed nie. Trouens, hy kon nie eens die heilige betree nie, maar moes saam met die res van die volk in die voorhof bly. Ook om hierdie rede kan Ps.110:4 nie na Salomo verwys nie, want Salomo was geen priester nie en nog minder 'n hoëpriester.

Teoloë probeer alles in hulle vermoë om Salomo tot priester te promoveer, maar Hebreërs slaan al hulle hipoteses aan skerwe en laat sien dat dit in die priesterskap volgens die orde van Melgisedek nie om priesterskap gaan nie, maar om **hoëpriesterskap** en nie om diere-offers nie, maar om oneindig veel meer, naamlik **die offer van sy bloed**.

4.2.6 Wat die Here Jesus Self in Hebreërs 1 sê oor Psalm110:1 en die Godheid van Christus

In Hebreërs 1 word **verskillende Psalms aangehaal om die Godheid van Christus te bewys**, onder andere Psalm 45:7-8 (Heb.1:8-9: "maar van die Seun: **U troon, o God**, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, **o God**, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle) en Ps.102:25-28 (Heb.1:10-12: "en: **U, o Here**, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt, en soos 'n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie"..).

En dan word ook Ps.110:1 deur Hebreërs 1:13 as bewysmateriaal gebruik om die Godheid van Christus te bewys: "En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?" In hierdie woorde van Ps.110:1 het ons dus met heel besondere woorde te make, woorde wat verklaar word deur Heb.1:13 en wat net een verklaring van die "my Here" van Ps.110 moontlik maak, die uitleg naamlik dat die "my Here" net op Christus slaan.

Die Skrywer van Hebreërs, Christus deur sy Gees, openbaar hier aan ons waarom dit in Ps.110:1 gaan. Dit is 'n geïnspireerde uitleg van sy eie Psalmwoord.

4.3 Luister na en buig onder die gesag van die Skrif

Uit 4.2 blyk duidelik dat Psalm 110 self, die Ou Testament en die Nuwe Testament slegs in een rigting wys: Psalm 110 profeteer nét van die Christus.

Ons moet luister na wat Christus Self in Psalm 110, in ander dele van die Ou Testament en in die Nuwe Testament sê. Dit is wat Skrif met Skrif vergelyking beteken en dit is wat bedoel word met die beginsels dat die Skrif sy eie Verklaarder is.

As sondaarmense is ons boonop nie in staat om self die Bybel te kan verklaar nie. Hy moet ons te hulp kom, ons blinde oog deur sy verlossingswerk verlig en ons met sy Woord lei in die waarheid.

Hy verklaar ook Psalm 110 vir ons en sy verklaring is gesagvol. Onder daardie gesag moet ons buig. Wat Hy van 'n teks in Ou en Nuwe Testament sê, is beslissend.

4.4 "My Here" met 'n hoofletter is die kanonieke, gesagvolle verklaring en vertaling

Diegene wat die tweede **Here** vertaal met **my heer** (2006-omdigting van die Psalms, Direkte Vertaling) en dit eerstens op 'n mens (Dawid, Salomo ...) laat slaan, beroep hulle op die woord **Adoni** (my heer) in die oorspronklike teks (Hebreeuse teks).

In hierdie argument word **die Joodse (Masoretiese) interpretasie (vokalisasie) van die teks gevolg**. Die Masorete het die woord **Adoni** ('*dny*) so gaan skryf, dat dit gelees kan word **my heer**. Ons sal egter moet besef: hierdie Masorete het hulle werk gedoen lank (eeue) nadat die kanon (die gesagvolle teks van die Bybel) reeds erken was. Wat hulle gedoen het, is dus **nie kanoniek (gesagvol) vir ons nie**.

- Teenoor die Masoretiese, nie-kanonieke, nie gesagvolle interpretasie van Psalm 110 staan
- die kanonieke, gesagvolle woorde van Jesus Christus in Matteus 22 en sy kanonieke en Jesus gee die tweede **my Here** as Here met 'n hoofletter weer, dat dus nie slaan op 'n mens nie, maar op Hom alleen, op die Christus.

Sien verder Bylaag C punt 2.

4.5 Die héle boek van die Psalms verkondig Christus

Ek het 'n groot probleem met die uitdrukking Messiaanse Psalms.

Op sigself is dit nie verkeerd nie, maar my probleem daarmee lê daarin dat dit die indruk kan skep dat die ander Psalms nie oor Christus gaan nie.

Die teendeel is egter waar: ál die Psalms is vol van Christus.

As Dawid byvoorbeeld in Psalm 51 pleit om skuldvergiffenis en in Psalm 32 jubel daaroor dat sy sondes vergewe is, kan dit nét Messiaans verstaan word. As Psalmdigters smee om God se genade, is dit niks anders as die bede om Christus wil nie.

Psalm 1 en 2 is die inleiding op die Psalmboek. Dit wil ons leer waarom dit in die hele res van die Psalmboek gaan: oor die Christus.

4.6 Die Direkte Vertaling en die kleinletter-hoofletter-argument

Op die tuisblad van die Bybelgenootskap oor die Direkte Vertaling (<http://www.nuwekerkbybel.co.za>) word uitdruklik gepraat van 'n **direkte vertaling** en dat die **doel** van die vertalingsprojek die volgende is: om 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik te skep.

Die uitdrukking **direkte vertaling** skep die indruk asof daar presies vertaal word wat in die grondteks staan.

In die vertaling van Psalm 110 word die tweede Here, wat duidelik na Christus verwys, met 'n kleinletter (my heer) vertaal.

Dit is geen argument dat in die oorspronklike Hebreeus geen hoofletters staan nie, want dan moet daar absoluut geen hoofletters in die hele Ou Testament gebruik word nie.

Die feit van die saak is egter dat hoofletters en kleinletters wél iets sê en wél die vertaler se verstaan en verklaring van die Hebreeuse grondteks uitdruk:

- As ek Here met 'n hoofletter vertaal, wil ek daarmee sê: hier word Christus alleen deur die grondteks bedoel, maar
- as die Direkte Vertaling kleinletters gebruik, word daarmee bedoel dat die grondteks nie in die eerste en enigste plek na Christus verwys nie.

Hoofstuk 5

Psalm 110 in sy eenheid en samehang met ander Psalms

5.1 Die Boek van die Psalms vorm 'n wonderlike samehang en eenheid

Ons moet altyd onthou dat die Boek van die Psalms nie 'n hoop sandkorrels is nie, maar 'n liggaam:

- Die Psalms is **nie 'n hoop sandkorrels** nie: sand vorm nie 'n hegte eenheid nie, maar elke korreltjie is op sy eie.
- Die Psalms is egter 'n eenheid, soos '**n liggaam** 'n eenheid is.

5.2 Psalm 110 in sy eenheid en samehang met Psalm 2

Psalm 1 en 2 vorm die inleiding op die Psalmboek. Die temas wat in die Psalmboek ter sprake kom, word reeds in Psalm 1 en 2 aangekondig.

Daar is 'n nou verband tussen Psalm 2 en Psalm 110:

- **Psalm 2:12 waarsku** teen die toorn van die Seun, die Gesalfde, en **Psalm 110:5-6** laat sien hoe sy toorn **ontbrand** en dat die dag van sy toorn aanbreek.
- In **Psalm 2:12** word die **konings** gewaarsku en in **Psalm 110:5-6** word die **konings** verbrysel. Dan verpletter Hy hulle met 'n ysterstaf en slaan Hy hulle stukkend soos 'n erdepot, soos gedreig is in **Psalm 2:9**.

Psalm 110 is niks anders as 'n vervolg op en 'n vervulling van Psalm 2 nie.

5.3 Psalm 110 in sy eenheid en samehang met Psalm 109

Daar is ook 'n verband tussen Psalm 110 en 109:

- in Psalm 109 word die **lyding** van Christus aangekondig;
- Psalm 110 profeteer van sy **verheerliking** aan die regterhand van God;
- op die lyding van Psalm 109 volg in Psalm 110 as loon die koninklike heerlikheid van die Messias as loon op sy arbeid (vgl. Heb. 1:3; Hand 2:34-36; Ef. 1:20-22; Fil. 2:9-11).

Daar is wel 'n verskil tussen hierdie Psalms:

- Psalm 110 gaan uitsluitlik oor Christus;

- in Psalm 109 is Dawid in sy lyding 'n tipe (voorafbeelding, heenwysing) van die lyding van Christus.

Ons kan die verskil ook so stel:

- Psalm 110 is 'n profesie oor Christus en net oor Hom;
- Ps 109 is 'n afskaduwing van die lyding wat oor Christus sal kom in die lyding van koning Dawid.

Hoofstuk 6

Soos die eerste lesers of hoorders dit verstaan of soos die Skrywer dit bedoel?

6.1 Soos die eerste lesers dit verstaan het

Al 'n geruime tyd is dit by sommige Ou Testamentici die vertrekpunt (beginsel): ons moet die Psalms verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het.

Waarskynlik moet ons hierdie standpunt so verstaan: ons moet vashou aan die verband (openbaringshistoriese lyn of -punt) waarin 'n teks staan. Ons moet beseft dat die eerste hoorders (die gelowiges van die Ou Testament) nog nie soveel soos ons as Nuwe Testamentiese gelowiges geweet het nie. Ons moet byvoorbeeld Psalm 110 verstaan soos die Ou Testamentiese hoorders dit verstaan het.

6.2 Soos die Skrywer dit bedoel

Die eerste-lesers-beginsel is on-Skriftuurlik.

Die regte benadering moet wees: om die grondteks getrou te volg soos wat die Spreker, Christus deur sy Heilige Gees bedoel het dat dit verstaan moet word. In die lig van die hele Ou en Nuwe Testament kan ons dit weet hoe die groot Skrywer Psalm 110 bedoel het.

Met 'n gewone boek vra ons ook nie hoe die lesers dit verstaan nie, maar wat die skrywer bedoel het en wou sê.

Dit kan onmoontlik nie wees dat sondige mense (die eerste hoorders) die filter kan wees hoe ons 'n teks moet verstaan nie.

6.3 Een beginsel tot die enigste verhef

Die fout wat die hedendaagse Ou Testamentiese geleerdes maak, is dat één Skrifverklaringsbeginsel - die eerste-leser-beginsel - verhef word tot die enigste.

Inderdaad moet ons vashou aan die verband. Daar moet egter ook rekening gehou word met 'n ander Skrifverklaringsbeginsel: die beginsel dat die Heilige Skrif sy eie Uitlegger is. Die Skrif moet sê wat op 'n bepaalde plek bedoel word én (gevolglik) óók wat die eerste hoorders daar en dan begryp het van wat gesê is.

Die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking kom hierop neer: Die Heilige Gees as die eintlike Skrywer self sal die beste weet wat Hy op 'n bepaalde plek bedoel het. Die Skrywer moet sê wat Hy met 'n bepaalde uitspraak bedoel en hoe dit verstaan moet word.

Om te luister na die Skrywer (die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyk) hou in en beteken dat ons luister na wat die Skrywer self ook in die Nuwe Testament vir ons sê.

6.4 Die gevaar van die loslating van die Skrif-met-Skrif- verklaringsbeginsel

Waar die Skrif-met-Skrif- verklaringsbeginsel losgelaat word, daar beland 'n mens in pure spekulاسie.

Die eerste hoorders kom aan die woord en nie die Skrywer nie.

Ons weet nie eens wat die oorspronklike lesers verstaan of gedink het nie.

6.5 Ps.110:1 en met name die woorde *my Here* as 'n goeie voorbeeld

Met die voorbeeld van Ps.110:1 en in die besonder die woorde **my Here** sal aangetoon word waar die verkeerde gebruik van die eerste-hoorder-begrip, losgemaak van die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking, 'n mens bring en daarteenoor sal aangetoon word tot watter gevolgtrekking gekom word met gebruikmaking van die Skrif-met-Skrif-vergelyking-beginsel:

- Die Direkte Vertaling verklaar die woorde **my Here** verkeerdelik met **my heer**: *Die uitspraak van die HERE vir my heer is: “Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak.”* (Direkte Vertaling)
- Die **my heer** wys volgens die Direkte Vertaling slegs op 'n gewone koning uit die huis van Dawid. Dit is volgens hulle hoe **die eerste hoorders** (die gelowiges van die Ou Testament) dit sou begryp het.

Die eerste hoorders sou dus by Psalm 110 aan 'n aardse koning gedink het.

- Die beginsel van **Skrif-met-Skrif-vergelyking** bring ons egter tot 'n ander gevolgtrekking: In Psalm 110 is Jesus Christus self die Skrywer deur sy Gees (HK Son.12, antw.31; 1 Pet.1:11). In Matteus 22:41-46 kom die Skrywer van Ps.110:1 weer aan die woord en volgens sy verklaring in Matteus 22 slaan Psalm 110:1 op Hom alleen. In Matteus 22 leer ons Here Jesus Christus dat **my Here** nie kan slaan op 'n aardse koning nie, want met die

my Here word niks minder as die Godheid van Jesus Christus uitgedruk nie. Daarom noem Dawid sy eie Seun **my Here**.

6.6 Die eerste-hoorder-verklaring neem boonop nie die direkte tekstuele konteks in ag nie Skrif-met-Skrif-vergelyk beteken nie net om na die Nuwe Testament te luister nie, maar om ook na die direkte tekstuele konteks waarin 'n teks in die Ou Testament staan, te luister. Ook daarin hoor ons die stem van die Skrywer, Christus deur sy Gees.

As ons na die res van Ps.110 gaan luister, hoor ons dat daar dinge van die **my Here** in vers 1 gesê word, wat nooit van 'n aardse koning gesê word nie. So word byvoorbeeld vir Hom gesê om aan die regterhand van die HERE te gaan sit (v.1) en dat Hy priester is vir ewig volgens die orde van Melgisedek (v.4).

Omdat die Direkte Vertaling nie die direkte tekstuele konteks in ag neem nie, kom hulle tot die verkeerde gevolgtrekking dat Psalm 110 nie direk-Messiaans is nie.

6.7 Die eerste-hoorder-verklaring neem ook nie met die eerste-hoorder-beginsel in aanmerking dat die Gees van Christus bedoel het om meer as net die eerste hoorders verstaanbaar aan te spreek nie.

1 Petrus 1:12 lui: **Aan die profete is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het.**" Die eerste én die latere hoorders word dus aangespreek.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art.3 sluit by 1 Petrus 1:12 aan, wanneer gesê word: God het deur sy besondere sorg vir **ons** en ons saligheid sy knegte (profete en apostels) beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel.

Psalm 110 is **óók vir ons as gelowiges van die Nuwe Verbond** gegee om die bedoeling van die Heilige Gees te verstaan. Die Gees lei ons in die volle Waarheid en herinner ons aan God se Woord. Daarvoor het ons die héle Skrif (**tota Scriptura**). Dit is ondenkbaar dat dit God se bedoeling is dat ons as gelowiges van die Nuwe Verbond die Psalm moet verstaan en sing soos die mense van die Ou Verbond. Ons weet immers nog duideliker as hulle dat Psalm 110 net op Christus betrekking het en nie op Dawid of watter ander aardse koning ook al nie.

6.8 Ons het in die Skrif die geïnspireerde antwoord hoe die latere hoorders – die *ons* van 1 Petrus 1:12 – Psalm 110 verstaan het en hoe ons dit vandag moet verstaan

Een van daardie ***ons*** van 1 Petrus 1:12 is die skrywer van Hebreërs en hy verstaan Psalm 110:1 so dat dit van Christus spreek (vgl. o.a. Heb.1:3,13). In Hebreërs 1 het ons 'n geïnspireerde Woord hoe óns die woorde van Ps.110 moet verstaan.

Hoofstuk 7

Verklaring van Psalm 110

7.1 Die Skrywer Self moet dit verklaar

As klein sondaarmens kan ek Psalm 110 nie verklaar nie. Dit is uit die voorafgaande duidelik.

Ek wil hierdie Psalm daarom met die hulp van die Skrywer en sy Gees en Woord só verklaar, dat die Skrywer Sêlf aan die Woord kom en dat sy Wóórd die Psalm vir ons uitlê. Die Woord, Christus, moet aan die Woord kom.

Ek wil my dus aan die groot Skrifverklaringsbeginsels hou:

- **Skrif-met-Skrif-verklaring** en
- dat **die Skrif sy eie Uitlegger of Verklaarder** is.

Dit beteken dat ek na die Skrywer moet luister ook as Hy, ons Here Jesus Christus, in die Nuwe Testament oor Psalm 110 praat en dit verklaar. Wie die Ou Testament na die koms van die Nuwe Testament sonder die Nuwe Testament wil verklaar, verloën die gesag en gesagvolle uitleg van die Skrywer Self. Na die koms van die Nuwe Testament kan en mag die Ou Testament nooit meer verklaar word sonder die Nuwe Testament nie. Dit kom ook neer op verloëning van bogenoemde Skrifverklaringsbeginsels.

7.2 Psalm 110: 'n kort samevatting van die hele Evangelie

Aan die einde van sy kommentaar op Psalm 110 skryf Luther: Hierdie pragtige Psalm is die kern en inhoud van die hele Skrif. Geen ander Psalm profeteer so oorvloedig en volkome oor Christus nie. Dit beeld die Here en sy hele Koninkryk af en is vol troos vir Christene.

Die kanttekenare (verklaarders) van die ou Nederlandse Statenvertaling skryf bo-aan Psalm 110: ***kort begrip (samevatting, inhoud) van die hele Evangelie.***

Dit is so waar wat hierdie kanttekenare skryf, want in hierdie klein Psalm kom die volgende groot gebeurtenisse in die Evangelie ter sprake:

- Hemelvaart;
- Pinkster;
- Pase; en

- Wederkoms.

Daar is ook geen Psalm wat so dikwels in die Nuwe Testament aangehaal word as hierdie een nie.

7.3 Vers vir vers, woord vir woord

I. Die Koning en sy hemelvaart om te regeer (vv. 1-2)

Van Dawid. 'n Psalm.

Die skrywer van die Psalm is Dawid. Dit is alreeds duidelik uit die opskrif van hierdie Psalm.

Ons Here Jesus Self bevestig dit, want in Matteus 22:43 sê Hy Self met verwysing na Psalm 110: **Dawid** noem Hom in die Gees Here. Ons Here Jesus gaan daarvan uit en sê dit uitdruklik dat Dawid die outeur is.

Dat Dawid die skrywer is – daaroor kan daar geen enkele twyfel nie.

Godspraak.

Vers 1 kan liever soos volg vertaal word: **Godspraak** van die HERE tot my Here.

Weereens hoef ons nie verder as Matteus 22:34 te gaan vir die verklaring van die woord **Godspraak** nie: Dawid noem Hom **in die Gees** Here. **Godspraak** beteken op grond van laasgenoemde teks: die Heilige Gees is hier aan die Woord. Wat Dawid hier skryf, sê hy **in** die Gees, dit wil sê in gemeenskap met en in absolute verbondenheid aan die Gees. Die Heilige Gees spreek dus deur Dawid. Die Gees van Christus is hier aan die Woord deur Dawid.

Die woord **Godspraak** kom nog 372 keer in die Ou Testament voor en altyd gaan dit oor die spreke van God Self.

Die woord **Godspraak** beteken daarom: die gesagvolle, geïnspireerde Woord van God Self.

Dat hier die woord **Godspraak** gebruik word, wil nie sê dat ander gedeeltes van die Bybel nie Godspraak, nie die geïnspireerde Woord van God is nie. Daarmee word **die groot belangrikheid en plegtigheid van die uitspraak** van vers 1 tot 3 beklemtoon. Dit kry ons ook met die uitspraak van vers 4: **die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie.**

Daarby moet benadruk word: nêrens in die Ou Testamentiese geskiedenis lees ons van hierdie Godspraak in verband met Salomo of enige van sy nasate, 'n aardse koning, nie - en dit terwyl dit so 'n uitermate en plegtige sprake van God Self is.

Die HERE.

Die Naam **HERE** is die Verbondsnaam. In Eksodus 3:14 gee God dit weer met EK IS WAT EK IS en EK IS. Uit die geskiedenis van Eksodus 3 leer ons dat die Naam beteken: die HERE is getrou aan my verbond, Hy vervul wat Hy beloof en sê.

In die Nuwe Testament het ons die vervulling van die Godspraak van Psalm 110: die Seun hét gaan sit aan die regterhand van sy Vader. In Handeling 2:34 staan daar: ***Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand*** ... In Handeling 2:34 word in soveel woorde deur die verhoogde Here Jesus Christus Self gesê: Psalm 110 slaan op Hom.

In Psalm 110 slaan **HERE** op God die Vader. Die Vader spreek met sy Seun, wat Dawid **my Here** noem.

My Here.

Die Koning aan die HERE se regterhand is nie 'n gewone koning, bloot 'n mens nie. Met **my Here** word ook sy Godheid aan ons geopenbaar. Sien 4.2 vir 'n baie uitvoerige argumentasie.

Sit aan my regterhand.

In die Nuwe Testament word dit talle kere gesê dat Psalm 110:1 van Christus spreek:

Matt 22:44 Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het n voetbank van u voete?

Matt 26:64 Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.

Mark 12:36 Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het n voetbank van u voete.

Mark 14:62 En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.

Mark 16:19 Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.

Luk 20:42 En Dawid self sê in die boek van die Psalms: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand ...

Hand 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.

Hand 2:34 Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand ...

Hand 2:35 totdat Ek u vyande gemaak het n voetbank van u voete.

1 Kor 15:25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

Ef 1:20 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,

Ef 1:22 En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee ...

Kol 3:1 As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

Heb 1:13 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het n voetbank van u voete?

Heb 1:3 Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte ...

Heb 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God ...

Heb 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.

Heb 12:2 die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Heb 2:8 Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie;

Heb 8:1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, ...

1Pe 3:22 wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is.

In die Ou Ooste was die posisie aan die regterhand van 'n koning die posisie van hoogste eer en hoogste mag. Hy heers as teenwoordiger van die Vader en die Vader regeer deur Hom.

Dit is besonder veelseggend dat ons **Apostoliese Geloofsbelydenis** van die almag van die Vader spreek, wanneer die belydenis sê dat ons Here Jesus aan die regterhand van God gaan sit het. Dan word daar **bygevoeg**: die **almagtige** Vader - ons Here Jesus het gaan sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader.

Ek kan nie aan 'n beter kommentaar by hierdie woorde dink as Matteus 28:18 nie: **Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.**

Matteus laat hierdie almagsposisie van ons Koning ook sien as heerlike troos vir die kerk, want wanneer die kerk in die wêreld uitgestuur word, belowe hierdie almagtige Koning: ***En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*** (Matt 28:20)

Ons Heidelbergse Kategismus gee in vraag en antwoord 50 'n duidelike verklaring van die woorde dat Christus aan die regterhand van God gaan sit het: Christus het daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer. Die Kategismus noem dit in die volgende vraag ook die heerlikheid van Christus.

Die besondere troos van ons Here Jesus se sit aan die regterhand van God word gegee in vraag en antwoord 51 van ons Heidelbergse Kategismus: die nut van die heerlikheid van ons Hoof Christus lê hierin: Eerstelik, dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet en tweedens dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar.

Ons moet ook bid vir hierdie beskerming en bewaring. Dit leer die modelgebed, die Onse Vader, ons: ***Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*** (Matt 6:13). Daarby leer Jesus ons in sy Bergrede: ***Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.*** (Matt 7:7,8)

Totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Voetbank

Die voetbank van die koninklike troon (2 Kron 9:18) simboliseer mag en gesag. 'n oorwinnaar, wat sy vyande sy voetbank maak, is tekening van die oorwinnaar se totale mag en gesag oor hulle. So lees ons in Josua 10:24: ***En toe hulle dié konings uitgebring het na Josua, roep Josua al die manne van Israel en sê aan die aanvoerders van die krygsmanne wat met hom saam getrek het: Kom nader, sit julle voete op die nekke van hierdie konings; en hulle het nader gekom en hul voete op hulle nekke gesit.***

Totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete

Vanuit die oorwinnaar se gesigspunt beteken die ***maak 'n voetbank vir u voete*** sy minagting vir en oordeel oor die vyand; vanuit die vyand se perspektief dui dit op skaamte en vernedering (1 Kor. 15:25 Ef. 1:22).

Die vyande is almal - in kerk en wêreld -, wat vyande is van die HERE (die Vader) en sy Messias (Gesalfde, Christus). In Psalm 2 (sien vers 2 en 3) word die vyande en hulle mikpunt geteken: ***Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!*** In Handeling 4 vers 27 word dit toegepas op Herodus (afstammeling van Esau), die heidene en die Jode (kerkmense wat Christus verwerp): ***Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het.*** Die juk is die Woord van Christus, die Evangelie.

Totdat – die oorwinning is nog nie volkome nie, maar hulle vonnis is gevel: ***Totdat Ek u vyande maak ‘n voetbank vir u voete.*** In vers 5 tot 7 kry ons die finale oorwinning op oordeelsdag, die dag van die toorn van die Gesalfde van die Here.

U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande.

Septer

Die septer is simbool van koninklike mag en heerskappy. Daarom word dit ook 'n magtige septer genoem.

Die septer is gewoonlik van goud of yster (Ps 2:9).

Die bevel om te heers spreek van sekerheid.

Weereens hoor ons dat die HERE, die getroue Verbondsgod, 'n Waarmaker, 'n Vervuller van sy Woord is, want in Génesis 49:10 profeteer die HERE deur Jakob: Die ***septer*** sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees. En later, by monde van Bileam, profeteer die HERE in Númeri 24:17: Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n ***septer*** kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver.

Die septer is in Psalm 2:8, 72:8 en Psalm 110 vir sy volk 'n septer van genade en behoud, maar vir sy vyande is dit 'n roede van sy toorn, waarmee Hy hulle stukkend slaan soos 'n erdepot (Psalm 2:9).

Uitstrek uit Sion

Sion is hier net soos elders in die Bybel (Miga 4:2-3; Jesaja 2:3-4) die middelpunt van die openbaring van die HERE, van sy heerskappy en mag in en deur die Christus. Sion is die Here se Kerk.

Magtige.

Dit is 'n almagtige septer, want die almagtige Vader heers deur Hom en Hy heers as verteenwoordiger van die almagtige Vader.

Heers te midde van u vyande

Die heerskappy van die Christus is nie beperk tot die Kerk (Sion) nie, maar Hy kry die bevel: **Heers te midde van u vyande**. Sy ryksgebied sal strek van see tot see en van die rivier tot aan die eindes van die aarde (Ps 72:8); die heidene is aan hom gegee tot erfdeel en die eindes van die aarde tot sy besitting (Ps 2:8).

Matteus 28:18 verklaar dit so: aan Hom is gegee **alle mag in die hemel en op die aarde** – dit beteken alle mag ook oor die vyande van God se volk. Dit bely ons ook in vraag en antwoord 51 van die Heidelbergse Kategismus: **dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskut en bewaar** – alle vyande. Die Vader regeer deur sy Seun en daarom weet ons tot ons troos **dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie** (HK 10:28).

Van hierdie bewaring van sy kerk, bely ons ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 27): Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het.

Só lyk die heerskappy van ons Here Jesus te midde van sy vyande.

II. Die Koning en priestervolk – Pinkster (v 3)

U volk sal baie gewillig wees.

Christus, die Seun van God en die Here van Dawid, is 'n ewige Koning, wat nie sonder onderdane kan wees en sal wees nie. Op Pinksterdag het Hy 'n volk, 'n leër ontvang. Met hemelvaart is Psalm 110 vers 1 en 2 vervul en Pinkster is die vervulling van vers 3.

Letterlik staan daar vir **baie gewillig wees** die woord **vrywillige offers**. Die volk is 'n priestervolk (sien die verklaring van **heilige feesgewade**) en die taak van 'n priester is om offers te bring.

Wat hierdie offers behels, verklaar die Nuwe Testament aan ons. In die Nuwe Testament bring God se priestervolk nie diereoffers nie, maar hulle offer hulleself, soos dit letterlik in Romeine 12:1 staan: Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, **dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer** dit is julle redelike godsdiens.

Sy soldate is die ene gewilligheid en vrywilligheid. Hulle is nie huursoldate nie.

Om 'n vrywillige soldaat in sy koninkryk te kan wees, is egter ook 'n saak van gebed. Die gewilligheid en wapenrusting moet aan ons gegee word. Juis daarom is daar in die oomblik van ons doop in die Gereformeerde doopsformulier onder andere die volgende vir ons van God gebid:

Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kinders altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hulle Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem (Efesiërs 4:16-17), sodat hulle ... **in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin** (Efesiërs 6:10-13)

In die doopsformulier word sulke belangrike sake aangeroe, dat ek dit moet uitlig:

1. Dit is 'n gebed om die regering van die Vader in die Naam van die Seun en deur die Heilige Gees: **Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kinders altyd met u Heilige Gees wil regeer.**
2. Die werk van die Heilige Gees waarvoor ons bid, is **sodat ons Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem (Efesiërs 4:16-17)**. Die Heilige Gees is die Gees van Christus. Hy doen niks liever as om Christus in ons harte in te dra nie. Hy laat ons deur die Woord in Christus groei en toeneem. Hy rus ons toe met Christus.
3. Die vrug van hierdie werk van die Gees is **sodat hulle ... in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin (Efesiërs 6:10-13)**
4. Deur ons te laat groei in die liefde en kennis van Christus, maak Hy ons gewillige en getroue soldate. Dit is wat die woorde beteken om **in geregtigheid** te stry: in verbondstrou en – lojaliteit aan ons Koning en sy Woord.
5. Ons stryd is 'n stryd **onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus**. Daar is geen beter kommentaar van dit alles as Efesiërs 6:10-13 nie: Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.
6. Ons hoor so duidelik Psalm 110 in Efesiërs 6:10-13.

Christus aan die regterhand van God maak ons deur sy Heilige Gees gewillige soldate.

Kyk maar: in Handeling 2 en verder is sy volk die ene gewilligheid. Dit is op Pinksterdag, die dag van die uitstorting van die Heilige Gees. Toe die Heilige Gees oor hulle gekom het, het hulle krag ontvang om die verhoogde Christus se getuies te wees. (Hand 1:8).

Petrus wat vroeër so bang was dat hy sy Meester verloën het, staan na die uitstorting van die Heilige Gees op en vervul met die Heilige Gees preek hy 'n pure, suiwer Christus-preek en die preek loop uit op die hoogtepunt van Psalm 110: Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor. Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. (Hand 2:33-35)

Op die dag van u krygsmag.

Dit beteken: op die dag van Koning Jesus se monsterring van sy leer. Dit is Pinksterdag.

In heilige feesgewade.

Die soldate is geklee in **heilige feesgewaad**.

Dit is wonderlik: in **heilige feesgewaad**. 'n Mens sou eerder verwag het dat die soldate in militêre uniform en in volle wapenrusting voor die Koning sou verskyn. Dit staan egter nie daar nie. Inteendeel, die leer is nie geklee in die uniform van soldate nie, maar in die gewaad van 'n priester, 'n heilige kleed.

Die uitdrukking **heilige feesgewaad** kom nog tweemaal voor in die boek van die Psalms: in Psalm 29:2 (Aanbid die HERE in **heilige sieraad**!) en 96:9 (Aanbid die HERE **in heilige gewaad**). In hierdie Psalms gaan dit steeds oor die kleed waarin priesters neerbuig voor die HERE in die tempel.

Dit kom eweneens voor in 2 Kronieke 20:22. In 2 Kronieke 20 kom Josafat en sy volk voor 'n oormag te staan. Daarop bid Josafat en dan antwoord die Here hom in vers 15 en 17 by monde van Sagaria: **So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God. ... Julle hoef daarby nie te veg nie; staan gereed, bly staan en aanskou die redding van die HERE by julle, Juda en Jerusalem! Vrees nie en wees nie verskrik nie; trek môre teen hulle uit, en die HERE sal met julle wees.** En dan hoor ons in vers 21: Josafat het met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat - **in heilige sieraad** - moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die

gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! Die ongewapende Leviete, nie in oorlogsgewaad nie en ongewapend op die voorpunt – dit sê eweneens dat nie hulle nie, maar dat die HERE die stryd sal voer, soos Hy in vers 15 en 17 belowe het. In 2 Kronieke 20:22-23 gebeur dit dan ook.

Ons sal die leer van priesters in Psalm 110 in die lig van 2 Kronieke 20 moet sien. In die verdere verloop van Psalm 110 sien ons dan ook dat net die HERE deur sy Gesalfde die oorwinning behaal.

Male sonder tal word van die priestervolk van die HERE gesê dat hulle **heilig** moet wees; ook word verskillende male gesê dat die kerk van die HERE 'n koninkryk van **priesters** moet wees en is.

Sien die volgende tekste vir die woorde **heilig** en **priesters**:

Lev 11:44 Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie.

Lev 11:45 Want Ek is die HERE wat julle uit Egipteland laat optrek het om julle God te wees. So moet julle dan heilig wees, omdat Ek heilig is.

Lev 19:2 Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.

Lev 20:26 En julle moet vir My heilig wees, want Ek, die HERE, is heilig; en Ek het julle van die volke afgesonder om myne te wees.

Deut 7:6 Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.

Deut 26:19 en dat Hy jou dan die hoogste sal stel bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot 'n lof en 'n roem en 'n sieraad, en dat jy 'n heilige volk aan die HERE jou God sal wees soos Hy beloof het.

Deut 28:9 Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel.

Jes 61:6 Maar julle sal priesters van die HERE genoem word; aan julle sal gesê word: Dienaars van onse God! Julle sal die rykdom van die nasies eet en op hulle heerlikheid julle beroem.

Jes 62:12 En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE; en jy sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.

1 Pet 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. ...

Op 1:6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Op 5:10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.

Op 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Hierdie heilige feesgewaad is 'n feesgewaad, *fees*-kleed. So kom die vrywillige soldate dus na Christus toe: die Priester-Koning word omring deur 'n koninkryk van priesters, wat hulle beklee het om fees te vier.

Dit kan ook nie anders nie: die stryd is immers al gestry deur die Priester-Koning; die slag, die beslissende slag het reeds plaasgevind, die vyand is al verslaan – op Golgota.

In Efesiërs 6:10-18 kry ons ons verhoogde Koning se beskrywing van sy soldate:

Ef 6:10 Eindelijk, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Ef 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

Ef 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Ef 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Ef 6:14 Staand dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Ef 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Ef 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

Ef 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Ef 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

In Efesiërs 6 word dus wel die beeld van soldate gebruik.

Hierdie soldate se krag lê egter nie in hulleself nie, maar uitdruklik word gesê: word kragtig **in die Here** en **in die krag van sy sterkte**. (Ef 6:10)

In Efesiërs 6:10-18 wys die Heilige Gees ons hoé ons kragtig word in die Here en in die krag van sy sterkte: die Christen-soldate moet hulle beklee met die evangelie, hulle moet hulleself beskerm met die evangelie en as wapen moet hulle swaard die evangelie opneem.

Die wapen van die soldate is die Woord, die swaard van die Gees – en daardie Woord is ’n almagswoord (Ef.6:16).

Die soldate moet ook nie die wapen van die gevoude hande, die gebed, vergeet nie. Die gebed is ’n sterk wapen. Dit is egter nie kragtig, omdat die gebed op sigself so sterk is nie, maar gevoude hande beteken: ons gee die stryd uit ons eie swak mensehandjies in die almagtige hande van ons Priester-Koning.

In vraag en antwoord 127 van ons belydenis oor die bede **verlos ons van die Bose** bely ons: Omdat ons in onself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie en daarby nog ons doodvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog

staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelik vergoed die oorhand behou.

Ons moet weet teen wie ons stry. Ons moet ons vyand en sy krag ken: Immers, ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug (Ef 6:12).

Uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.

Hierdie woorde wys ons op die **herkoms** van hierdie soldate. Dit word in 'n skitterende – letterlik skitterend, stralend - beeldspraak gegee: ***uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe.***

U weet immers: op die grens van nag en dag, met dagbreek, word die wonderlike skoonheid van môredou oor die velde telkens weer opnuut gebore. Waar dit vandaan kom, daarvan kan slim natuurwetenskaplike verklarings gegee word, maar dit moet u weet: dit is nie mensewerk nie. Die dou is elke oggend weer 'n nuwe wonder regstreeks uit die hand van God, wat die dou verwek uit die skoot van die dageraad.

En nou verstaan 'n mens die woorde ***die dou van u jong manskappe (jeug)*** beter. Die pragtige beeld word deur 'n kenner van Palestina soos volg beskryf: “Hierdie dou, gebore in die môrelik, is vol belofte van lewenskrag”. Dit is 'n beeld van jeug in God se krag. Dat die Priester-Koning 'n leer kry van vrywilligers, dit is nie mensewerk nie. En dan tintel en flonker alles van lig, van jeug en moed en krag, talryk en fris.

III. Die Koning en sy Hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisedek – Pase (v 4)

Die HERE het gesweer.

Die HERE het gesweer - daarmee word net soos in die geval van die woord ***Godspraak*** in vers 1 die groot belangrikheid, plegtigheid, vastigheid en sekerheid van die uitspraak of belofte van vers 4 beklemtoon. Dit gaan oor die gesagvolle Woord van God, wat ter wille van ons swak geloof boonop nog bevestig word met 'n eed deur God Self.

Die Hebreër-brief laat ons die groot betekenis sien van **die eed van God** en **die belofte van God**, dat ons Here Jesus Christus priester vir ewig is volgens die orde van Melgisedek.

Hebreërs 6:13-18 wys eers op die voorbeeld van God se optrede met Abraham, naamlik **God se belofte** aan Abraham, wat bevestig en gewaarborg is met **die eed van God: Want toe God aan**

Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder. En so het hy die belofte verkry nadat hy geduldig gewag het. Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teëspraak. Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê.

In die twee dinge, God se belofte en God se eed, het Abraham heerlike **hoop** gehad.

Die Hebreër-brief noem hierdie belofte en eed van God aan Abraham in verband met sy eed en sy belofte dat Christus priester is vir ewig volgens die orde van Melgisedek. Ook hierin het ons te make met **'n eed van God** en **'n belofte van God**: die staan onwrikbaar vas dat Christus Hoëpriester is vir ewig volgens die orde van Melgisedek.

Die eed en belofte gee ons ook heerlike **hoop**: (dit is gegee) *sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.* (Heb 6:18-20)

Die skrywer van die Hebreër-brief gebruik die beeld van 'n boot, wat deur die golwe geslaan word, maar wat in plek gehou word deur 'n anker, wat vaslê op die bodem van die see. So het ons siele, wat geslaan word deur die golwe van twyfel, 'n vaste anker van hoop, wat vaslê in Christus.

Die anker gaan in *tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.* (Heb.6:19-20)

Hierdie woorde het die lesers dadelik laat dink aan die Groot Versoendag, toe die hoëpriester die aardse heiligdom ingetree en deur die voorhangsel die allerheiligste binnegegaan het met die bloed van versoening. Dit pas Hebreërs toe op ons groot Hoëpriester, Christus, wat die hemelse heiligdom ingegaan het. Hy het ingegaan as **ons voorloper** en ons volg. (Heb.6:20) In Hom, in sy Hoëpriesterlike werk, lê die sekerheid dat ons ook sal ingaan.

En dit sal Hom nie berou nie

Van sy eed en sy belofte sal Hy nie afsien nie. Dit staan vas.

U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédék.

Hy is die geheim en oorsaak daarvan dat ons priesters in heilige feesgewade is (Ps 110:3)

Immers, Hy het ons van ons sondes gewas in sy bloed en ons konings en priesters vir sy God en Vader gemaak (Open 1:5,6). Daarom moés Hy ook Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek wees: om ons te was nie met die bloed van diere nie, maar met sy eie bloed – sodat ons rein, heilige, gewillige priesters kan wees.

Weereens moet ons na die Hebreër-brief gaan om hierdie teks te verklaar. Immers, daar in Hebreërs is ons groot Profeet, Christus, aan die woord en daar verduidelik Hy ons die woorde van Psalm 110. Steeds gaan dit dus om die beginsel dat die Bybel sy Eie Verklaarder is.

Kom ons kyk dan wat ons in die Hebreër-brief hoor in verband met die woorde ***U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédék.***

Die Hoëpriesterskap van Christus volgens die orde van Melgisedek is meer as die priesterskap volgens die orde van Aäron:

1. In die eerste plek is lê die meer daarin dat die Hoëpriesterskap volgens Melgisedek **ewig** is.

Hebreërs 7:23-25 wys op die verskil tussen die priesterskap volgens die orde van Aäron en die van Christus: En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. (Heb. 7:23–25).

2. In die tweede plek lê die meer daarin dat die Hoëpriesterskap volgens Melgisedek **ware versoening** bring.

In Hebreërs 9 word die offers van die Aäronitiese priesters teenoor die offer van Christus gestel. Die offers in die Ou Testament was nuttig, want dit het heengewys na die offer van Christus as die enigste weg tot saligheid. Dit kon egter nie opsigself die sondes wegneem nie. (Heb 9:9-10).

Daar teenoor staan die offer van die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, Jesus Christus: Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring. (Heb 9:11-14)

3. In die derde plek lê die meer daarin dat die offer van ons Hoëpriesters volgens die orde van Melgisedek **nie herhaal** hoef te word nie.

En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie; maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete. Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word. (Heb 10:11-14)

Daaruit maak die Skrywer die gevolgtrekking: Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. (Heb. 10:19-22).

IV. Die Koning en sy wederkoms om te oordeel (vv. 5-7)

Die Here aan u regterhand verbrysel konings op die dag van sy toorn. (v 5)

Die Here aan u regterhand

Hier word 'n Hebreeuse woord vir **Here** gebruik (die meervoud van Heer, naamlik Here), wat nét van God gebruik word.

Dit is egter nie al wat belangrik is nie. **Die Here aan u regterhand** is niemand anders Hy vir Wie in vers 1 gesê word: **sit aan my regterhand** (aan die regterhand van die HERE, die Vader) nie.

Met die woord **Here** word dus baie uitdruklik sy Godheid geleer.

Daarom kan die **Here** van vers 1 nie slaan op Dawid, Salomo of watter aardse koning ook al nie.

Dit sal vanuit die Skrif van die Ou en Nuwe Testament bewys word met die verklaring van die woorde **Hy** (die Here aan u regterhand) **verbrysel konings op die dag van sy toorn**.

Hy (die Here aan u regterhand) verbrysel konings op die dag van sy toorn.

Psalm 110 is niks anders as 'n vervolg op en 'n vervulling van Psalm 2 nie. Daar is 'n nou verband tussen Psalm 2 en Psalm 110:

- **Psalm 2:12 waarsku** teen die toorn van die Seun, die Gesalfde, en **Psalm 110:5-6** laat sien hoe sy toorn **ontbrand** en dat die dag van sy toorn aanbreek.
- In **Psalm 2:12** word die **konings** gewaarsku en in **Psalm 110:5-6** word die **konings** verbrysel. Dan verpletter hy hulle met 'n ysterstaf en slaan hy hulle stukkend soos 'n erdepot, soos gedreig is in **Psalm 2:9**.

In die Nuwe Testament hoor ons Psalm 2 en 110 terug en hoe dit op ons Here Jesus Christus toegepas word:

Dat Christus die Koning is van Psalm 2:9, wat sy vyande soos 'n pottebakkersvat verbrysel en hulle met sy ystersepter regeer, is sonder meer duidelik uit 'n teks soos **Openbaring 2:26-27** (En Hy sal hulle **regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het**).

Ook op ander plekke in Openbaring word gepraat van Christus wat met 'n ystersepter of –staf (12:5; 19:15) regeer.

- Openb 12:5 En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.
- Openb 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

Baie Skrifverklaarders laat **die Here aan u regterhand** nie slaan op die Christus, die Here aan die regterhand van die HERE nie, maar op die HERE. Die hele res van die gedeelte tot aan die einde van vers 7 is egter – in die lig van Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese gronde - so deur en

deur Messiaans (van Christus), dat die toepassing van **die Here aan u regterhand** op Christus 'n wettige en oortuigende keuse is.

Verbrysel

Hier in vers 6 (en ook in vers 5) en op ander plekke in die Bybel wys die woord **verbrysel** op oorwinning in die stryd.

Die dag van sy toorn

Die dag van sy toorn is die **oordeelsdag**, die dag van **die Here Jesus Christus se wederkoms om te oordeel**.

Hy sal 'n strafgerig hou onder die nasies; Hy maak dit vol dooie liggame; Hy verbrysel 'n hoof oor 'n groot land. (v 6)

Strafgerig

Met **strafgerig** word die gerigs- of oordeelsdaad van 'n regter bedoel. Dit wys op die eindgerig.

Eers het Christus gekom as Lam van God om geslag te word op Golgota. Met sy wederkoms sal hulle Hom egter sien kom as Regter.

'n Hoof oor 'n groot land

Hierby kan ons dink aan die Antichris (Sien oa 2 Tess 2:9).

Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom sal Hy die hoof ophef. (v 7)

Uit die stroom sal Hy drink op die pad; daarom ...

Dit is die beeld van 'n goeie krygsman, wat hom in die stryd nie laat ophou nie en **daarom** (gevolg) die oorwinning behaal.

Dit kom ooreen met wat van Christus gesê word in Filippense 2:8 en verder, Hebreërs 12:2 en Openbaring 5:9 en verder.

Hy sal die hoof ophef

Dit is 'n oorwinnaarshouding. Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. (Openb 11:15)

Let op die kontras tussen vers 6 en 7: Hy verbrysel die **hoof** oor 'n groot land (v 6), Hy daarenteen hef Hy triomferend die **hoof** op (v 7).

Bylaag A

Die sogenaamde Direkte Vertaling

1. 'n Nuwe Afrikaanse vertaling

Die sinode van die GKSA (2000) het 'n aanbeveling goedgekeur dat daar ernstig aandag gegee moet word aan die bevordering van die saak van **'n brontaal-georiënteerde vertaling** van die Bybel in moderne Afrikaans.

Op die tuisblad van die vertalingsprojek (<http://www.nuwekerkbybel.co.za>) van die Bybelgenootskap word uitdruklik gepraat van **'n direkte vertaling** en dat die **doel** van die vertalingsprojek die volgende is: om 'n goed verstaanbare, **bronteksgeoriënteerde** Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik te skep.

Die Bybelgenootskap verduidelik verder hoe die vertaling sal lyk : Alhoewel die beplande vertaling 'n vertaling sal wees waarin die bronteks so getrou moontlik weergegee word, sal dit nie 'n woord-vir-woord vertaling wees soos die 1933/53-vertaling nie. In die nuwe vertaling sal daar groter klem gelê word op die weergee van die bronteks in vloeiende Afrikaans as wat by woord-vir-woord vertalings die geval is.

Op genoemde tuisblad verskyn daar ook proefvertalings, wat deur kerkrade en lesers beoordeel kan word. Ons moet goed onthou dat dit nog net proefvertalings is en dat ons nog kommentaar kan lewer.

2. Die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament weg vertaal gaan word

Kleinletters

Op die tuisblad van die vertalingsprojek word daar ingegaan teen “die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament wegvertaal gaan word”.

Hierdie bewering, sê die Bybelgenootskap, hou verband met die feit dat kleinletters gebruik sal word in gedeeltes in die Ou Testament wat deur die Nuwe Testament as Messiaanse profesie verstaan word. Dit is nie 'n nuwe besluit nie, maar is reeds in die 1983-vertaling so gedoen. Vergelyk byvoorbeeld "My dienaar"(1983-vertaling) met "my Knecht"(1953-vertaling) in Jes 52:13.

Beroep op die Nederlandse Statenvertaling

Die Bybelgenootskap beroep hulle vir die weglating van hoofletters onder andere op die Nederlandse Statenvertaling en sê:

Die vertalers van die Nederlandse Statenvertaling het telkens in die Ou Testament met notas in die kantlyn aangetoon watter tekste in die Nuwe Testament aangedui word as verwysings na die Messias. ***Die vertalers (van die Statenvertaling) het egter nie hoofletters gebruik in die gedrukte teks van die Statenvertaling nie*** (kursivering van my – AHB). Selfs ook in effens latere uitgawes van die Statenvertaling wat nie van notas of voetnote voorsien was nie, word daar nie hoofletters gebruik in Ou-Testamentiese tekste wat volgens die Nuwe Testament op die Messias betrekking gehad het nie. Vanaf die begin van die twintigste eeu (ons is onseker van die presiese uitgawe se datum) toe voetnote en kantaantekeninge heeltemal weggelaat is, is die gebruik egter gevestig om gedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament as Messiaanse verwysings aangedui word, in die vertaling weer te gee deur hoofletters in die setwerk te gebruik. Dit is gedoen in die geval van benamings (vgl bv Jesaja 9:5) en ook in die geval van direkte pronominale verwysings (dit wil sê "hy" en "hom") wat volgens die Nuwe Testament op Jesus Christus betrekking gehad het. So byvoorbeeld is die woord "kneg" in Jesaja 53 in die weergawe van 1892 nog met 'n klein letter gedruk, maar in die uitgawes van ná 1900 word dit met 'n hoofletter gedruk asook die pronominale verwysings na die "kneg".

Die 1637-uitgawe van die Statenvertaling en Psalm 110:1


My soektog op die internet het interessante ontdekkings opgelewer.

By die volgende adres kan die 1637-uitgawe van die Statenvertaling in foto-afdrukke en in transkripsie bekyk word: <http://www.bijbelsdigitaal.nl/statenvertaling-1637/>

U kan dus self die fotobeelde met die transkripsie langsaan vergelyk vir korrektheid. Klik net op die skakel ***Statenvertaling 1637 bekijk***.

Word daar hoofletters by die Messiaanse tekste gebruik of nie? Beroep die Bybelgenootskap hom daarom tereg op die Statenvertaling (SV)?

Kom ons kyk na Psalm 110:1:



In die teks van 1637 op die internet word Psalm 110:1 dus so vertaal:

EEn Psalm Davids. **[kanttekening 1]** De HEERE heeft **[kanttekening 2]** tot mijnen Heere **[kanttekening 3]** gesproken.

Let op dat die tweede **Heere** wél met ‘n hoofletter geskryf word.

Daarby sê die Kanttekeninge by kanttekening 2 uitdruklik dat dit oor Christus gaan:

- **[kanttekening 1]** T.w. Godt de Vader.
- **[kanttekening 2]** Tot Christum, den welcken David hier sijnen Heere noemt. want Christus is de sone Davids nae den vleesche, maer Davids Heere, ten aensien dat hy een warachtich Godt is met Godt den Vader ende Heyligen Geest, ende een Heere aller menschen, doch insonderheyt sijner uytvercorenen. siet Mat. 22.43, 45. Matt. 12.36. Luc. 20.42. Actor. 2.34. Hebr. 1.13.
- **[kanttekening 3]** T.w. in sijnen ewigen raet, den welcken hy ons tot sijner tijdt heeft geopenbaert ende verkondigen laten.

Die ontstaan van ‘n gewoonte

Op die tuisblad van die Nederlandse Nuwe Vertaling staan daar ‘n artikel oor hoofletters en kleinletters in die Statenvertaling (<http://www.nbv.nl/vertaalmethode/gebruik-van-hoofdletters/>):

“Het gebruik van hoofdletters in voornaamwoorden die verwijzen naar God of Jezus is pas gaandeweg ontstaan. In de eerste editie van de Statenvertaling (SV) is het niet systematisch toegepast. Genesis 1:10 is daar: ‘Ende Godt noemde het drooge, Aerde, ende de vergaderinge der wateren noemde hy, Zeen’ - geen hoofdletter voor het ‘hy’ dat naar God verwijst. In Genesis 21:1 ook niet: ‘Ende de HEERE besocht Sara, gelijk als hy geseyt hadde’, maar in Genesis 22:1 wel: ‘Ende het geschiedde na dese dingen dat Godt Abraham versocht; ende Hy seyde tot hem’.

Consequent hoofdlettergebruik in de SV komt pas later. Het neemt in de loop van de achttiende eeuw sterk toe, tot tenslotte rond 1950 alle voornaamwoorden die naar God of naar Jezus verwijzen met een hoofdletter gedrukt worden.”

In hierdie artikel word duidelik gesê: Die SV het die gebruik van hoofletters aanvanklik (in 1637) nie konsekwent toegepas het nie. Tog het hulle wel gebruikgemaak van hoofletters by Messiaanse gedeeltes, soos ook blyk uit die voorbeeld van Jesaja 9:5.

3. Beoordeling van die vertalers se beroep op die Statenvertaling

Teen die beroep van die Bybelgenootskap op die Statenvertaling moet die volgende opmerkings gemaak word:

1. Die vertalers is **onwetenskaplik** in hulle beroep op die Statenvertaling: Die Statenvertaling laat die hoofletters nie heeltemal weg nie (sien Ps 110:1 en Mal 3:1 van die SV); 'n mens moet eerder sê: Die Statenvertaling is nie sistematies en konsekwent in die gebruik van hoofletters nie.
2. Die Statenvertaling laat selfs in die geval van God die hoofletters weg.
3. Die Statenvertaling **laat die hoofletters nie weg, omdat hulle daardie tekste nie as Messiaans beskou nie**. Die Statenvertaling laat dit bloot weg, omdat hoofletters in die verband toe nog nie so in gebruik was nie.
4. Die Statenvertaling toon **in Kanttekeninge baie duidelik aan dat ook daardie tekste, waar hoofletters nie gebruik is nie (bv Jes 53) as Messiaans verstaan word**.
5. Daarom is die Bybelgenootskap se beroep op die SV 'n vergelyking van appels met pere.

Hierby die opmerking: Ondanks die feit dat ek die vertalers gewys het op die feit dat hulle beroep op die Statenvertaling verkeerd is, doen hulle dit nog steeds op hulle tuisblad en in 'n amptelike verklaring van 22 Maart 2012.

4. Die Nuwe Testament se “verstaan” van die Ou Testament?

In hulle dokument **Die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament wegvertaal gaan word** skryf die Bybelgenootskap:

- Dit is hulle plan om “al daardie gevalle waar die Nuwe Testament 'n verwysing na Christus in 'n teks of woorde uit die Ou Testament sien, in die Ou Testament met 'n voetnoot te merk. Sodoende word die leser se aandag pertinent gevestig op **die Nuwe-Testamentiese**

verstaan van die bepaalde teks of woorde en dít sonder verlies van **die betekenis in die Ou-Testamentiese verband.**” (Kursiverings van my – AHB).

In ’n verklaring van 22 Maart 2012 skryf die Bybelgenootskap:

- Die vertalers van hierdie vertaling eerbiedig **die Nuwe-Testamentiese verstaan** van die Ou Testament en aanvaar sonder voorbehoud die Ou Testament as deel van die Christelike Bybel. Die vertalers is deeglik bewus daarvan dat daar vir die Nuwe Testament op bepaalde plekke in die Ou Testament, **naas die gewone betekenis** ook ’n “verborge” of “dieper” betekenis is, wat verwysings is na Christus en dit wat Hy sou kom doen. Die vraag wat vooraf baie lank beredeneer is, was die volgende: Moet die “verborge” of “dieper” Nuwe-Testamentiese verstaan van ’n teks reeds in die vertaling van die Ou Testament neerslag vind, met die gevolg dat die voor die hand liggende betekenis op die agtergrond skuif; of moet die gewone betekenis vertaal word met die gevolg dat die Nuwe-Testamentiese verstaan van die teks, nie aangedui word nie? (Kursiverings van my – AHB).

Laasgenoemde twee verklarings val vreemd op die Gereformeerde oor:

- In die eerste verklaring word gepraat van **die Nuwe-Testamentiese verstaan** van bepaalde tekste of woorde in die Ou Testament. Hierdie **Nuwe-Testamentiese verstaan** word gestel teenoor **die betekenis in die Ou-Testamentiese verband.**
- In die tweede verklaring word gesê dat die vertalers bewus is van ‘n **verborge, dieper Nuwe Testamentiese verstaan** van die Ou Testament **naas die gewone betekenis in die Ou Testament.**

Hierdie soort uitsprake skep die indruk asof die Nuwe Testament iets inlees in die Ou Testamentiese teks, iets wat nie in die Ou Testamentiese teks self staan nie.

Teenoor die vertalers se opvatting moet ook gewys word op Messiaanse tekste in die Ou Testamente soos die volgende vier:

- Psalm 110,
- Jesaja 9:5,
- Jesaja 53 en
- Maleagi 3:1

Daar is geen manier waarop hierdie vier anders as uitsluitlik Messiaans verklaar en vertaal kan word nie. Dit is selfs die geval as 'n mens net na die Ou Testamentiese teks en verband kyk. Gaan dit ook sonder hoofletters vertaal word? In die proefvertaling van Maleagi is hoofstuk 3:1 inderdaad nie met hoofletters vertaal nie. Op hierdie teks en vertaling sal in die volgende artikel ingegaan word.

5. Twee uitgawes van die Direkte Vertaling: die eer van God en die heil van ons naaste

Intussen is daar sprake daarvan om in die lig van die hoofletter-verskil twee uitgawes van die Direkte Vertaling te laat verskyn: een met en een sonder hoofletters.

Dit klink na 'n mooi oplossing, wat almal skynbaar tevrede sal stel: een met en een sonder hoofletters.

Dit is egter 'n on-Bybelse oplossing, wat die kerke nie mag goedkeur nie.

As gedeeltes wat duidelik en uitsluitlik Messiaanse, met kleinletters vertaal word, het ons nie 'n direkte en suiwer vertaling nie.

- Dit is tot oneer van Christus en
- medegelowiges, wat die kleinlettervertaling gebruik, word mislei.

Bylaag B

Die Direkte Vertaling se vertaling van Maleagi 3:1

1. Inleidend

Op die tuisblad van die vertalingsprojek (<http://www.nuwekerkbybel.co.za>) van die Bybelgenootskap word uitdruklik gestel dat dit die bedoeling is om 'n direkte, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel te skep.

Juis in die vertalers se hantering van Messiaanse gedeeltes kom dit egter uit dat die vertaling:

- nie **direk** is nie en
- ook nie **Messiaans** nie.

2. Maleagi 3:1

2.1 'n Doelbewuste keuse

Ek kies doelbewus Maleagi 3:1 as voorbeeld, omdat ons hier 'n teks het wat selfs los van die Nuwe Testament net Messiaans vertaal kan word. As dit nie so vertaal word nie, is die vertaling duidelik:

- nié 'n direkte vertaling nie en
- nié Messiaans nie.

Ek kies doelbewus Maleagi 3:1 as voorbeeld, omdat die vertalers hulle in hulle verweer beroep op tekste wat 'n dubbele betekenis kan hê, wat dus sowel na Dawid/Israel as na die Messias verwys. 'n Voorbeeld is Hosea 11:1. Dit word dan misbruik as begronding vir die weglaat van hoofletters.

In hulle dokument **Die bewering dat Christus in hierdie beplande vertaling uit die Ou Testament wegvertaal gaan word** skryf die Bybelgenootskap dat “al daardie gevalle waar die Nuwe Testament 'n verwysing na Christus in 'n teks of woorde uit die Ou Testament sien, in die Ou Testament met 'n voetnoot te merk. Sodoende word die leser se aandag pertinent gevestig op **die Nuwe-Testamentiese verstaan** van die bepaalde teks of woorde en dít sonder verlies van **die betekenis in die Ou-Testamentiese verband**.” (Kursiverings van my – AHB).

Ons het hier egter 'n teks wat op sigself al duidelik net Messiaans verstaan kan word.

2.2 Vergelyking van die 1953- en Direkte Vertaling

Ek gee die twee vertalings weer en onderstreep waar die Direkte Vertaling ernstig verskil van die 1953-vertaling.

Die 1953-vertaling van die teks lui:

Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskaar.

Die Direkte Vertaling van Maleagi 3:1 daarteenoor vertaal so:

*Kyk, Ek stuur **binnekort** my boodskapper*

en hy sal 'n pad voor My oopmaak.

***Onverwags** sal hy na sy tempel kom,*

*die **heer** na wie julle soek,*

*die **bodskapper van die verbond***

na wie julle uitsien.

Kyk, hy is op pad,

*sê die **HERE**, Heerser oor alle magte.*

2.3 Beoordeling van die Direkte Vertaling van Maleagi 3:1

Binnekort

Ek wonder waar kom die **binnekort** van die Direkte Vertaling vandaan? Dit staan nie in grondteks nie.

Onverwags

Is **skielik** (1953-vertaling) dieselfde as **onverwags** (Direkte Vertaling)?

Ek dink nie so nie:

Vir almal (gelowiges en ongelowiges) sal sy koms **skielik** wees, maar vir die gelowiges kom Hy sekerlik nie **onverwags** nie, maar as die lank **Verwagte**. Daar is tog sprake van “die Here na wie

julle soek” en “die Engel van die verbond, na wie julle ’n begeerte het.” **Hy kom dus nie onverwags nie, maar wel skielik.**

Dit kan vergelyk word met en toegelig word met die wederkoms van Christus: Hy kom nie onverwags nie. Immers, dit word verkondig dat Hy kom. Ons verwag Hom. Hy sal egter wel skielik kom, want Hy sal kom soos ’n dief in die nag.

Nie Here nie, maar here

Wat veral opval in hierdie Direkte Vertaling, is die feit dat **here** met ’n kleinletter geskryf word.

Dit kan egter bewys word dat met die woord **Here** (in die Hebreeus staan *hâ’âdōn*) **God** (die Seun van God) bedoel word.

Dit is duidelik uit die volgende:

1. Die **ha-’adoon (die Here)** word nog 5 keer in die OT gebruik en steeds **net van God**, maar die Direkte Vertaling vertaal **heer** (kleinletters).
2. Dit (dat dit oor die Here, oor God gaan) word ook bevestig deur die feit dat **die Here** na **sy tempel** – die tempel van die HERE – kom. ... **die Here** na **sy tempel**
3. Dit is ook duidelik uit die sin **wat julle soek**. Hierdie woorde wys terug na die vraag: **waar is anders die God van die reg?** (Mal 2:17)

Die Direkte Vertaling gaan teen ons belydenis in. Ons Heidelbergse Kategismus gebruik Maleagi 3:1 in vraag en antwoord 18 as ’n bewys van die Godheid van Christus.

Die boodskapper van die verbond

Onder die Engel van die Verbond is deur gereformeerdes altyd Christus in sy Ou Testamentiese verskyning verstaan.

Die Here kom na sy tempel as die God en Koning van Israel om daar te woon vir ewig (Eseg 43:7; 37:26-27). En Hy kom as die Engel van die Verbond, na Wie die volk verlang. Dat die Engel van die Verbond dieselfde Persoon is as die Here (*hâ’âdōn*), kan nie betwyfel word nie in die lig van die parallelisme van die sinne nie. Die Engel van die Verbond is die Here en sy Godheid word hier geleer.

2.4 Maleagi en die Statenvertaling van 1637

Ook hier kan gesien word hoe verkeerd die Bybelgenootskap met sy argument oor hoofletters in die Statenvertaling is.



Het iij. Capittel.

Prophetie van de sendinge *Iohannis des Doopers*, ende de toekomste *Christi*, die de huychelaers van de oprechte kinderen Godes afsonderen soude, *vers 1, etc.* Daer op volcht een dreyginge der straffe, van wegen de menigerleye sonden, die by de Ioden in swang gingen, 5. Eene vermaninge tot bekeeringe, ende dat sy getrouwelick hare tienden ende hef-offeren inbrengen soudent, 7. Mitsgaders een klachte over hare godts-lasterige woorden, 13. met troost aen de godtsalige, 16.

1a Siet, 1 ick sende 2mijnen Engel, die voor mijn aengesichte den wech 3bereyden sal: ende 4snellick sal [kanttekening 5] tot sijnen Tempel komen, [kanttekening 6] die Heere [kanttekening 7] dien ghyliden soeckt, te weten, [kanttekening 7] de Engel des verbonts, aen den welcken ghy lust hebt; siet hy komt, seyt de HEERE der heerschen

[kanttekening 5] D. *Christus* sal in den vleesche verschijnen in den nieu-herbouwdten Tempel: waer door oock afgebeeldt is sijne gemeente.

[kanttekening 6] Ick de Heere *Iesus Christus*.

[kanttekening 7] D. wiens komste ghylieden wenscht *ende* begeert, ofte immers voorgeeft, dat ghy nae hem verlangt. De godtsalige onder de Ioden wenschten ende hoopten op de komste des Messie, als hares Salichmakers. Matth. 13.17. Luce 10.24.

[kanttekening 8] T.w. *Christus*, die een Middelaer is des genaden-verbonts tusschen Godt ende sijne kercke. Siet 2.Cor. 5.19.

3. Gevolgtrekking

Ook in die Direkte Vertaling se weergawe van Maleagi 3:1 kom dit uit dat die vertaling ***nié 'n direkte vertaling*** is nie, aangesien dit uit die Hebreeuse grondteks self duidelik is dat hierdie teks nét Messiaans vertaal kan word.

Bylaag C

'n Paar meer wetenskaplike opmerkings by die verklaring van Psalm 110

Ek noem dit meer wetenskaplike opmerkings nie om daarmee te sê dat die voorafgaande nie wetenskaplik is nie, maar net omdat hier Grieks en Hebreeus gebruik word en die trant van hierdie bylaag waarskynlik te moeilik sal wees vir nie-teoloë.

1. Gebruike van Adon/Adoni/Adonay vir God of Christus in verskillende tekste

1.1 God of Christus aangespreek as Adon (enkl., sonder suffiks)

Ps.114:7: "Beef, aarde, voor die aangesig van die Here (**Adon**)".

Mal.3:1: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here (**Adon**) na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskaer.

1.2 Die Engel van die HERE aangespreek as Adoni (my Heer)

Jos.5:14: "En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here (**Adoni**) aan sy dienskneg sê?

Rigt.6:12-16: "12 En die **Engel van die HERE** het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die HERE (**Jahwe**) is met jou, dapper held! 13 Toe vra Gideon Hom: Ag, my heer (**Adoni**), as die HERE met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die HERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete. 14 Toe draai die HERE (**Jahwe**) na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie? 15 Maar hy vra Hom: Ag, Here (**Adonay**), waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie. 16 Toe sê die HERE (**Jahwe**) vir hom: Ek sal met jou wees ...".

2. Die Masorete en Adoni/Adonay

Ons sal terdeë in gedagte moet hou:

1. dat die **konsonanteteks geïnspireerd** is en

2. dat die **vokale nie geïnspireerd** is nie.

Die vokale is eers later ingevoeg deur die Masorete. Van die Masorete en hulle werk skryf Kroeze: "Originally BH (= Biblical Hebrew) text consisted of consonants only. In order to prevent the eventual complete loss of the correct pronunciation, a group of Jewish scholars began to devise a system of signs (from about 600 ce) to record and standardize the received pronunciation (inasmuch as it was known). They were known as the 'Masoretes' (from the Hebrew word 'masora' which means 'what was handed down'). The work of the Masoretes was continued for many centuries by a large number of scholars. Several systems of vocalization were developed. The system used in printed texts today is known as the Tiberian system and is the product of the work of the Ben Asher family (about 900 ce) in Tiberias. The BH as found in BHS and described in this grammar is, strictly speaking, the Masoretic BH of the Ben Asher family".

Wanneer die Masorete die onderskeid Adoni/Adonai maak, is dit hulle onderskeid. Dit kan betwyfel word of hierdie onderskeid wel bestaan het. Die volgende feit wys op die teendeel: Wanneer geen suffiks (my, ons, ens.) gebruik word nie, word van God altyd die enkelvoud (Adon) en nie die meervoud (Adonaim, pluralis majestatis) gebruik nie (soos 'n mens eintlik sou verwag n.a.v. die pluralis majestatis Adonay).

Wanneer die Masorete '**dney**' in Ps.110:1 dus vokaliseer (interpreteer) as Adoni, is dit nie geïnspireerde, kanonieke vokalisasie nie. Maar wanneer Jesus in Mt.22 sê dat Adoni op Hom slaan, is dit vanselfsprekend geïnspireerde, kanonieke, gesagvolle uitleg van die woord '**dney**' van Ps.110:1.

3. Die Septuagint en ho kurios mou

Sinode 2003 sê: Wat Psalm 110:1 betref, word ook verkeerdelik aangevoer dat die Nuwe Vertaling en die Nuwe Beryming Adonai wegvertaal. In die Masoretiese teks staan ook nie Adonai nie, maar wel adoni, wat normaalweg gebruik word as 'n aanspreekvorm vir belangrike mense. Die Septuagint het ook nie die woord vertaal met die gewone aanduiding vir Adonai (kurios) nie, maar met 'n aanduiding van die eerste persoon suffiks. Die Nuwe Testament haal dit ook so aan.

Sinode 2003 se argument is: Die LXX vertaal **my Here** met **toi kurioi mou**, wat gewoonlik die vertaling is as daar **adoni (my here)** staan in die Hebr. As daar Adonai sou gestaan het in die Hebr., sou die LXX net met kurios vertaal het.

Hierop kan geantwoord word dat die LXX ook wel Adonai soms met ho kurios mou vertaal. Dit kan met die volgende voorbeelde gestaaf word:

- Eks.34:9: en gesê: Here (Hebr. Adonai), as ek genade in u oë gevind het, laat dan tog die HERE in ons midde trek. LXX = en gesê, as ek genade voor U gevind het, laat my Here (LXX ho kurios mou) met ons gaan.
- Rig.6:22: Toe Gideon bemerk dat dit die Engel van die Here was, sê Gideon: Ag, Here HERE ! (Heb. Adonai Jahwe; LXX = kupie mou, kurie) want ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig!
- 2Sam.7:19 (**ook 20,22, ens. Nog meer in 2 Sam**): En dit was nog te gering in u oë, Here HERE (Heb. Adonai Jahwe; LXX = kupie mou, kurie), sodat U ook aangaande die huis van u kneg tot ver in die toekoms gespreek het.
- Ps.16:2: Ek het tot die HERE gesê: U is my Here (Heb. Adonai; LXX = ho kurios mou)
- Ps.35:23: Ontwaak en word wakker vir my reg; my God en Here (Hebr. Adonai, LXX ho kurios mou – my Here), vir my regsak.

4. Die Nuwe Testament en ho kurios mou

Dit val op dat ons Here Jesus Christus in verskillende tekste **my Here** (ho kurios mou) genoem word:

- Lk.1:43: "En wat het my oorgekom dat die moeder van **my Here** (tou kuriou mou) na my toe kom?"
- Joh.20:13: "En hulle sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Sy antwoord hulle: Omdat hulle **my Here** (ton kurion mou) wegge neem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie".
- Joh.20:28: "En Thomas antwoord en sê vir Hom: **My Here** (ho kurios mou) en my God!"
- Fil.3:8: "Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, **my Here** (tou kuriou mou), ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry".

Talle kere **onse Here**, byvoorbeeld:

Rom.1:4: "na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here". Vgl. OT **Ps.135:5**: "Waarlik, ék weet dat die HERE groot en onse Here bo alle gode is".

5. Gesenius oor Adonai

GESENIUS Par.135q (p.441)

3. In a few examples the force of the noun-suffix or possessive pronoun has become so weak that the language appears to be almost entirely unconscious of it. Thus in אֲדֹנָי *my Lord*, usually explained as being from the *pluralis maiestatis* אֲדֹנִים (§ 124 i) with the suffix of the 1st singular (always with *Qameṣ* to distinguish it from אֲדֹנֵי *my lords*, Gn 19:2; but see note below), used exclusively of God, not only in addressing him (Gn 15:2, 18:3, Ps 35:23), but ultimately (see, however, the note below), without any regard to the pronoun, as equivalent to *the Lord* (NOTE 2) On אֲדֹנָי as a *Q'rê perpetuum* of the Masoretes for יהוה see § 17 c and § 102 m.

NOTE 2.² Cf. the same weakening of the force of the possessive pronoun in רַבִּי prop. *my master*, from the second century a.d. onwards *the master*; so also in Syriac מַרִּי *my lord*, and ultimately as a title *the lord*; in Italian *Madonna*, French *Madame*, *Notre Dame*, *Monsieur*, *Monseigneur*, &c. It can, however, hardly be doubted that the regular distinction between אֲדֹנָי as a holy name, and אֲדֹנִי as an ordinary appellative is merely due to the practice of the later Rabbis. G. H. Dalman, *Der Gottesname Adonaj und seine Geschichte* (Berlin, 1889), in an exhaustive discussion, shows that apart from the book of Daniel and the eight critically doubtful passages, in which אֲדֹנִי is used by God himself, there is nowhere any necessity to regard the suffix as *entirely* meaningless, since אֲדֹנִי is always used either in an address *to* or (like אֲדֹנָי, which also is never a mere phrase or title) in reverent language *about* God—as the Lord of the speaker—like the Assyrian *bēli-ia*, *my lord*. Against any original distinction between אֲדֹנָי and אֲדֹנִי it may be urged especially that when unconnected with suffixes the singular אֲדֹנִי is always used of God, and not the *pluralis maiestatis* presupposed by אֲדֹנִים.

Bylaag D

Die ongelowige Jode en Psalm 110:1

1. Die Jode in die NT (Psalm 110:1 en Mt 22:41-46)

Wanneer Jesus Psalm 110 in Matteus 22 verklaar as Messiaans en dit op Homself toepas (dat Hy daardie Messias is, waarvan Ps.110 praat), sluit Hy aan by die aanvaarde verklaring van die Joodse skrifgeleerdes van daardie tyd. Vgl. hier ook Mk.12: 35-36: En terwyl Jesus in die tempel leer, antwoord Hy en sê: Hoe sê die **skrifgeleerdes (kursivering AHB)** dat die Christus die seun van Dawid is? Want Dawid self het deur die Heilige Gees gesê: Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

Strack-Billerbeck (IV.1, p.452) sê in 'n ekskursie oor Ps.110: Die vasstaande Messiaanse opvatting van Ps.110 in die NT laat vermoed dat ook die sinagoge in Jesus se dae hierdie Psalm algemeen op die Messias betrek het. Hierdie vermoede word versterk deur die waarneming hoe Jesus en die Fariseërs in Mt.22:41ev (en parallelle) saamstem: die aangesprokene in Ps.110 is die Messias. Net die gevolgtrekking wat Jesus hulle wil laat trek uit die woorde dat die Messias die Heer van Dawid is, lê hulle die swye op.

2. Joodse geskrifte na Christus

In die tyd van Jesus het ook die Jode dus Psalm 110 Messiaans uitgelê, aldus Strack-Billerbeck.

En dan vervolg Strack-Billerbeck: Dit is heeltemal anders in die tweede helfte van die derde eeu na Christus. Dan is daar nie die geringste spoor van 'n Messiaanse opvatting van Ps.110 nie. Strack-Billerbeck (IV.1, p.458-460) soek die oorsaak daarvan in 'n reaksie van die kant van die sinagoge teen die kerk.

Eers wanneer hierdie stryd begin verflou, kom daar weer by die sinagoge 'n Messiaanse uitleg van hierdie Psalm.


So laat Midrash Tehillim op Ps.18:36 par.29 die woorde van Psalm 110:1 van die Messias geld (Edelkoort, p.338. Strack-Billerbeck IV.1, p.457): Rabbi Judan (ongeveer 350 nC) het in die naam van Rabbi Chama (b. Chanina, ongeveer 260 nC) gesê: In die toekoms sal God die Koning, die Messias, aan sy regterhand laat sit, soos Ps.110:1 sê.

In Midrash Ps2 par.9 (14b) word die woorde **sit aan my regterhand** op die Messias betrek.

Bylaag E

Johannes die Doper se lang wysvinger: die Ou Testament

In die dorp Colmar in Frankryk staan die wêreldberoemde Isenheimer-altaar van Matthias Grünewald (1460-1528). In die groot middelstuk (sien Afbeelding 1) staan Johannes de Doper in 'n boetekleed. Met sy ekstra lang wysvinger wys Johannes na die gekruisigde Christus. Op die skildery staan verder die woorde: *Illum oportet crescere, me autem minui* (Hy moet meer word, maar ek minder - Johannes 3 : 30). Matthias Grünewald (1460-1528) word tereg 'n voor-reformatoriese skilder genoem. Weens sy reformatoriese gesindheid – hy het geskrifte van Luther besit - , moes hy vlug.



Afbeelding 1: die lang wysvinger van Johannes die Doper (Matthias Grünewald)

Baie kunstenaars het afbeeldings gemaak van die wysvinger van Johannes die Doper, onder ander Leonardo da Vinci (sien Afbeelding 2).



Afbeelding 2: Die wysende vinger van Johannes de Doper (Leonardo Da Vinci)

In Johannes 1:29 hoor ons dat Jesus na Johannes die Doper toe kom. Wanneer Johannes Hom sien, sê hy: **Dáár** is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Letterlik staan daar: **Kyk**, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Met die **kyk** keer Johannes die Doper die aandag heeltemal van homself af en wys – as 't ware met die wysvinger – na die Lam van God: **kyk, kyk dáár!**

Iemand het op 'n keer in 'n preek gesê: Die Ou Testament is die lang wysvinger van Johannes die Doper: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Die woorde **die Lam van God** kom ook uit die Ou Testament, uit Jesaja 53:7: Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; **soos 'n lam wat na die slagplek gelei word** en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Daardie gedeelte van Jesaja begin juis met die troosboodskap van hoofstuk 40 en daarby die aankondiging van die koms van Johannes die Doper: 'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! En wat roep die stem? Dáár, dáár is die Lam van Jesaja 53, die troos van Jesaja 40:1, Hy wat ons sondeskuld betaal (40:2).

Die Ou Testament is die groot wysvinger van God Sêlf na die Christus toe: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Al die offers, die paaslam, Dawid – dit is soveel wysvingers van God, wat heen wys na Christus.

Vandag wil geleerdes die Ou Testament los van die Nuwe lees en sogenaamd op sy eie waardeer. Hulle sê: die Ou Testament het ook 'n waarde op sigself. Daarom sal hulle byvoorbeeld van Psalm 110 sê: dit verwys eerstens na Dawid en dan kan dit deurgetrek word na Christus toe.

Dawid, Salomo moet meer word – dit is die roep van Ou Testamentici in ons tyd.

Maar wat sou Dawid van so 'n opvatting gesê of gedink het? Hy sou sekerlik in die gees van Johannes geantwoord het: ek is maar net 'n klein wysvinger, wat heenwys na oneindig veel meer: na my Here, na Hom wat moet kom. Hy moet meer word, maar ek minder. (Johannes 3 : 30) Dawid wys weg, heeltemal weg van homself na die Een wat sou kom: kyk, kyk dáár!

Johannes se **kyk dáár** is 'n les in die verstaan van die Ou Testament. Die les is dít: die figure, persone, offers, simbole, is nie iets op hulself nie, maar dit wys na die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Hierdie die figure, persone, offers, simbole moet minder word en die Lam meer; hulle moet in die agtergrond verdwyn en die Lam moet ons volle aandag kry in Ou Testament en in Nuwe Testament. Dit is dwaas om, wanneer Johannes na Christus wys, op hom te konsentreer of om oor Johannes se vinger te teologiseer. Die vinger is niks nie, maar Hý na Wie die vinger wys.

Die hele Ou Testament is een groot roep: Hy moet meer word, maar ek minder. (Johannes 3 : 30)

In Johannes 1:20 hoor ons die getuienis van Johannes, toe die Jode uit Jerusalem priesters en Leviëte gestuur het om hom te vra: Wie is u? En dan skrywe die Evangelie van Johannes: En hy het erken en nie ontken nie, maar het erken: Ek is nie die Christus nie.

En Dawid het erken nie ontken nie, maar het erken: hy, Dawid, is nie die Christus nie (Hand 2:30). Dawid het gewéét: Hý is veel groter as ek, Hý is my Here. (Psalm 110:1; vgl. Matteus 22:41-46)

Op 'n stadium toe hy in die tronk was, het Johannes begin twyfel of Jesus die Een is wat sou kom. Daarom het Johannes twee van sy dissipels na Jesus toe stuur met die vraag of Hy die Een is wat sou kom. Daarop antwoord Jesus Johannes deur Johannes te wys op een van die vele wysvingers in die Ou Testament, want ons lees in Lukas 7:19-23: ***En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bese geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk. En Jesus antwoord (die twee dissipels van Johannes) en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie***

aanstoot neem nie. Onder andere Psalm 146:8 sê immers: Die HERE open die oë van die blindes. Só neem Jesus Johannes se twyfel weg: deur hom op een van die wysvingers van die Ou Testament te wys!

Enkele geraadpleegde bronne

- ALEXANDER, J.A. 1977. The Psalms translated and explained. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House. 564p.
- BELCHER, PR. 2006. The Messiah and the Psalms. Preaching Christ from all the Psalms. Ross-shire: Christian Focus Publications. 288p.
- BYBEL. 1953-vertaling. 1976. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- BIBLIA HEBRAICA STUTTGARTENSIA. 1977. Quae antea cooperantibus A.Alt, O.Eißfeldt, P.Kahle ediderat R.Kittel. Editio funditus renovata. Stuttgart : Deutsche Biblestiftung. 1574p.
- BOICE, J.M. 2000. Psalms. Volume 3. Psalms 107-150. Grand Rapids, Michigan: Baker Books: 489p.
- BROWN, F., DRIVER, S. R., & BRIGGS, C. A. (2000). Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon (electronic ed.). Oak Harbor, WA: Logos Research Systems.
- CALVYN, J. 1979. Het Boek der Psalmen. Tweede deel. Goudriaan: De Groot. 1011p.
- DE LAIGRE BÖHL, F.M.Th. & GEMSER, B. 1968. De Psalmen. Tekst en uitleg. Nijkerk: Uitgeverij G.F.Callenbach :
- DELITZSCH, F. 1976. Volume V. Psalms. Commentary on the Old Testament. Eerdmans : Grand Rapids, Michigan.
- DONNER, J.H. 1978. De Psalmen. Tweede deel – Psalm 73-110. Utrecht: Den Hertog's Uitgeverij. B.V.. 498p.
- EDELKOORT, A.H. 1941. De Christus-verwachting in het Oude Testament. Wageningen: H.Veenman & zonen. 535p.
- FLOOR, L. 1981. Uitgestuur. Skrifstudies oor Matteüs 14-28. Johannesburg: Boekhandel De Jong. 108p.
- FUTATO, D.2009. Cornerstone Biblical Commentary. Vol 7 The Book of Psalms. Illinois: Tyndale House. 661p.
- GESENIUS, W. 1974. Gesenius' Hebrew Grammar. As edited and enlarged by E Kautzsch. 598p. Oxford: Claradon Press

- GESENIUS, W., & TREGELLES, S. P. (2003). Gesenius' Hebrew and Chaldee lexicon to the Old Testament Scriptures. Bellingham, WA: Logos Research Systems, Inc.
- GROSHEIDE, F.W. 1952. De Psalmen. Tweede deel. Psalm 71-150. Kampen: Kok. 192p.
- HARRIS, R. L., HARRIS, R. L., ARCHER, G. L., & WALTKE, B. K. (1999, c1980). Theological Wordbook of the Old Testament (electronic ed.). Chicago: Moody Press.
- HENGSTENBERG, E.W. 1973. Christology of the Old Testament and a Commentary on the Messianic Predictions. Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications. 699p.
- HENGSTENBERG, E.W. 1864. Commentary on the Psalms. Vol.3. Edinburgh: T & T Clark:. 556p.
- JERUSALEM CROWN. 2004. The Bible of the Hebrew University of Jerusalem. Jerusalem: N.Ben-Zvi Printing Enterprises Ltd.
- KAISAR, W.C., jr. 1995. The Messiah in the Old Testament. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House. 256p.
- KIDNER, D. 1973. Psalms 73-150. An introduction and commentary on Books 3 and 4 of the Psalms. Tyndale Old Testament Commentaries. Cambridge: Inter-varisty Press. 233p.
- KOEHLER, L., BAUMGARTNER, W., RICHARDSON, M., & STAMM, J. J. (1999, c1994-1996). The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament (electronic ed.). Leiden; New York: E.J. Brill.
- LEUPOLD, H.C. 1979. Exposition of the Psalms. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House. 1008p.
- NUWE TESTAMENT EN PSALMS. 'n Direkte Vertaling. 2014. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- SCHNEIDER, D. 2002. Das Buch der Psalmen. 3. Teil. Psalm 101-150. Wuppertaler Studienbibel. Wuppertal und Zürich: R.Brockhaus Verlag. 237p.
- SPURGEON, C. 1984. Spurgeon's Treasury of David. Volume 5: Psalms 104-118. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House. 325p.

STRACK, HL & BILLERBECK, P. 1986. Kommentar zum Neuen Testaments aus Talmud und Midrasch. IV1. Munchen: CH Beck. 610p.

VALETON, J.J.P. 1902. De Psalmen. Tweede deel. Psalm LXXIII – CL. Firma H. Ten Hoet. 417p.